Tiaan Grobbelaar	89,4%	Lerize du Toit	87,3%
Martelize Hammann	89,0%	JP van Dalen	87,2%
Antoin Frantzen	88,6%	Reuben van Niekerk	86,0%
Juan-Jacques Prinsloo	88,4%	Anja Francis	85,9%
Nicole Wagner	88,0%	Francois Sprong	85,7%
Amia du Toit	87,8%	Mari-Let Stassen	85,7%

Ons is trots op ons Monties. Akademie altyd eerste!

EXCELSIOR ERE-AAND

Die Excelsior Ere-aand het plaasgevind op 17 Oktober 2023 - 'n spesiale gala-aand waartydens leerders erkenning ontvang vir prestasies op verskeie terreine (voorheen bekend as Goue Aand). Personeel wat die oorhandigings behartig het, pragtig getooi in gradueringstoga's, het op die dramatiese klanke van Vangelis se Conquest of Paradise hulle plekke op die verhoog ingeneem voor dié spog-aand 'n aanvang geneem het. Baie geluk aan elke leerder wat 'n toekenning ontvang het. Dankie vir julle toewyding en harde werk aan jul eie, maar ook Hoërskool Montana, se suksesverhaal.

DUX-LEERDER VAN DIE JAAR

DIE TOEKENNING VIR DIE BESTE AKADEMIESE PRESTASIE IN GRAAD 12



MARIKA TALJAARD

Afrikaans Huistaal	**94%**
English First Additional Language	**96%**
Lewensoriëntering	**97%**
Wiskunde	**97%**
Geografie	**96%**
Lewenswetenskappe	**96%**
Fisiese Wetenskappe	**97%**
Gemiddeld	**96,1%**

Marika ontvang 'n studiebeurs vanaf die Universiteit van Pretoria, asook die volgende toekennings

- 'n goue penning vir 5 jaar gemiddeld bo 80%
- Natuurwetenskappe-trofee vir die beste prestasie in Natuurwetenskappe (96,5%)
- Trofee vir die beste prestasie in Geografie (96%)
- Trofee vir die beste prestasie in Fisiese Wetenskappe (97%)
- Thuynsma-trofee vir die beste prestasie in Wiskunde (97%) – die trofee word gedeel met Anke Kirsten
- Trofee vir die beste prestasie in Lewenswetenskappe (96%) – die trofee word gedeel met Ivaan Költzow
- Beech Tweetaligheidstrofee vir beste prestasie in Afrikaans en Engels mondeling en skiftelik (95%)
- Trofee vir die beste prestasie in English FAL (96%)
- Trofee vir die beste prestasie in Afrikaans HT (94%)



RES VAN DIE TOP 15 IN GRAAD 12 VIR 2023
GOUE EN SILWER PENNINGS



ANKE KIRSTEN
93,4%

Anke ontvang 'n goue penning vir 5 jaar gemiddeld bo 80%, asook die volgende toekennings

- Conradie-trofee vir die beste prestasie in Rekeningkunde (92%) en
- Sy deel die Thuynsma-trofee vir die beste prestasie in Wiskunde (97%) met Marika Taljaard



CARLA OELOFSE
92,3%

Carla ontvang 'n goue penning vir 5 jaar gemiddeld bo 80%



IVAAN KÖLTZOW
92,1%

Ivaan ontvang 'n goue penning vir 5 jaar gemiddeld bo 80%, en deel die trofee vir beste prestasie in Lewenswetenskappe (96%) met Marika Taljaard



BONTLE HLONGWANE
91,9%

Bontle receives a Gold Medal of Honour for 5 years average above 80%. She also receives the following awards

- Trophy for best performance in Afrikaans EAT (86%) – she shares it with Jaden Barendse
- Trophy for best performance in English HL (82%)
- Trophy for best performance in EGD (97%)
- Trophy for best performance in Life Orientation (98%)



MORGAINE SWAAK
91,6%

Morgaine ontvang 'n goue penning vir 5 jaar gemiddeld bo 80%. Sy ontvang ook die volgende toekennings

- MC Hacquebord-trofee vir die beste prestasie in Visuele Kunste (95%)
- Trofee vir die beste prestasie in Wiskundige Geletterdheid (97%)
- Trofee vir die beste prestasie in RTT (93%)



MIKA BOOYSEN
91,3%

Mika ontvang 'n goue penning vir 5 jaar gemiddeld bo 80%



TALITA HOMAN
90,1%

Talita ontvang 'n goue penning – 5 jaar gemiddeld bo 80%



DUVAN JANSEN VAN VUUREN 89,9%

Duvan ontvang 'n goue penning vir 5 jaar gemiddeld bo 80%



JAIMEE WILKINSON
89,7%

Jaimee ontvang 'n silwer penning vir 4 jaar gemiddeld bo 80%



NIEKE JONKER
88,9%

Nieke ontvang 'n goue penning vir 5 jaar gemiddeld bo 80%, asook 'n trofee vir die beste prestasie in Dramatiese Kunste (96%)



JACQUES RAWLINS
88,4%

Jacques ontvang 'n silwer penning vir 4 jaar gemiddeld bo 80%



JAYDEN OOSTHUIZEN
88,1%

Jayden ontvang 'n goue penning vir 5 jaar gemiddeld bo 80%



ANIKA MEYER
86,0%

Anika ontvang 'n goue penning vir 5 jaar gemiddeld bo 80%



ORATILE NGOBENI
85,6%

Oratile ontvang 'n goue penning vir 5 jaar gemiddeld bo 80%

GOUE PENNING VIR 5 JAAR GEMIDDELD BO 80%



ROALD MATTHEE
83,0%

Roald het ook 'n trofee ontvang vir die beste prestasie in Ekonomiese Bestuurswetenskappe (Ekonomie en Rekeningkunde) 82,6%



LINDSAY ADAMS
85,0%



JANIKA LOUW
84,6%



DANRI PISTORIUS
84,3%



DAMIAN BEYER
83,9%



SAIGE GOUWS
83,1%



IVAN DU PLESSIS
81,6%



RICO HERHOLDT
80,0%

SILWER PENNING VIR 4 JAAR GEMIDDELD BO 80%



TRISTAN ELS
83,4%

Tristan ontvang ook die Belgium Campus-trofee vir die beste prestasie in Inligtingstegnologie (80%)



ELAINE KING
81,9%

Elaine ontvang ook 'n trofee vir die beste prestasie in Toerisme (89%)



BONOLO SEGOMOTSO
84,9%



DEANÉ BOERS
83,9%



YUMI CHEN
83,4%



CLARISE MAGGS
82,7%



GUSTAV NEL
81,4%



RUEBEN BEER
80,9%



BIANCA KLEINGELD
80,0%

EREKLEURE

3 JAAR GEMIDDELD BO 80%



ALICIA KLEINGELD
80,4%

Alicia ontvang ook 'n trofee vir die beste prestasie in Verbruikerstudies (87%)



RETHABILE MPHAHLELE
83,7%



LEANKA BOTHA
80%



MIA VISSER
80%

VERDERE VAKTROFEË VIR DIE BESTE PRESTASIE IN GRAAD 12 VIR DIE SPESIFIEKE VAKKE OF LEERAREAS



JADEN BARENDSE
Afrikaans EAT (86%)



BONTLE HLONGWANE
Afrikaans EAT (86%)



OFILE MONGAE
Business Studies (93%)



NIEL SMIT
Geskiedenis 92%



NIEKE JONKER
Beste Dramatiese Kunste 96%

SERTIFIKATE VIR HALFKLEURE (HERTOEKENNING) AAN LEERDERS VIR TWEE JAAR GEMIDDELD VAN 75% EN HOËR

Malwandla Ngobeni	83,1%	Simoné Strydom	78,6%	Divan de Swardt	75,7%
Megan Bannister	81,1%	Jiré le Roux	78,3%	Ontlametse Modise	75,6%
Mufhatutshedzwa Mukufhi	80,3%	Lyell Hartzenberg	77,9%	Tégan Venter	75,4%
Kaily-Ché Scheepers	80,0%	Leo Glanninger	77,6%	Jaden Barendse	75,1%
Tanielle Schreiber	80,0%	Delaney du Plessis	77,0%	Dewald Allers	75,0%
Ofile Mongae	80,0%	SW Nel	76,9%		

SERTIFIKATE VIR HALFKLEURE AAN LEERDERS VIR TWEE JAAR GEMIDDELD VAN 75% EN HOËR

Niel Smit	84,6%
Claudia de Kock	79,1%
Liné Gerber	76,3%
Inke Schultz	75,0%
Gabrielle van Wyk	74,7%

SERTIFIKATE AAN LEERDERS MET 'N GEMIDDELD VAN 75% EN HOËR

Chané Visagie	79,0%	Talita Gouws	77,0%	Elainey Snyman	75,3%
Ludwig-Paul Krause	79,0%	Cailin Kriel	77,0%	Karlien Marais	75,1%
Ilze de Lange	78,4%	Linke Loubser	76,7%	Chris Hentzen	75,0%
Kaitlyn Claassens	77,7%	Bianca van Duyker	76,7%	Deonné Raijmakers	75,0%
Eloise Cronje	77,7%	Wyillene du Toit	76,4%		
Louelle Toerien	77,6%	Shaun Edwards	76,0%		



SPESIALE TOEKENNINGS

HANDHAWER VAN DIE JAAR

DIE HANDHAWERSKILD, GESKENK DEUR DIE JUNIOR RAPPORTRYERS BERGVLAM, AAN DIE LEERDER WAT BESONDER GETROU WAS AAN HAAR SKOOL, GEMEENSKAP, NORME EN BEGINSELS



MARIKA TALJAARD

Ons Montie Handhawer vir 2023 was 'n leerder wat haar pligte as leier altyd met vaste beginsels en goeie waardes uitgevoer het. Leierskap was vir haar nie die posisie nie, maar om te doen en om 'n voorbeeld te stel. Sy het nie geskroom om haar Christelike beginsels uit te leef nie. Met haar sagte, vriendelike geaardheid toon sy integriteit en is sy geliefd onder die Monties. Sy het besonderse lojaliteit en deursettingsvermoë op die sportveld getoon.

As leier was sy 'n staatmaker en haar span is beloon met goeie resultate. Dankie dat jy gelei het. Dankie dat jy ook bereid was om te volg. Dankie vir jou voorbeeld, jou lojaliteit en vriendelikheid. Jou bydrae tot Hoërskool Montana word opreg waardeer en sal gemis word.

MEELEWINGSTROFEË



IVAAN KÖLTZOW

Op akademiese terrein het hierdie leerder altyd uitstekend presteer as gevolg van sy volgehoue toewyding aan sy taak. Hy het 'n wye algemene kennis en kan hierdie kennis integreer met sy studies. Hy is bereid om gekorrigeer te word en aanvaar advies met grasie. Hy maak waardevolle bydraes tot enige gesprek. As President van die VLR is hy 'n steunpilaar in elke opsig. Hy is 'n bobaas-motiveerder en lewer 'n ontsaglike bydrae tot die inburgering van die graad 8-leerders tydens die groentjieprogram.

Hy motiveer, organiseer en lei hulle om in te skakel en 'n trotse Montie te word. Sy warm toegeneentheid om te help, hoe klein die take ook mag wees, maak die wêreld makliker vir ander. Die spontane toejuiging van die hele skool as hy voor die pawiljoen gaan staan, is 'n pragtige getuigskrif van hoe geliefd hy onder al die leerders is. Hy is altyd vriendelik en betoon respek teenoor almal met wie hy in aanraking kom. Sy skerp sin vir humor help om die swaarkry met lekkerkry klaar te kry. Hy is openhartig, opreg en standvastig - kortom: 'n ware staatmaker. Ivaan, jy was 'n voorbeeld vir elke Montie. Ons is so trots op jou en gaan jou waarlik mis.



CARLA DE CLERK

Carla se warm glimlag en sagte oë is die eerste ding wat jou opval as jy met haar te doen kry. Sy is onbaatsugtig en kyk altyd waar en hoe sy enige iemand kan help. Sy maak seker dat die Monties se naam hoog gehou word en haar Christelike grondslag, en die uitleef hiervan, is iets waarop sy baie trots is.

Carla speel vir eerstespanne in netbal en sagtebal, sy word verkies tot die tweede prinses tydens Mnr. en Mej. Montie en is betrokke by die skool se gemeenskapsprojek. Sy word verkies tot president van VLR vir 2024 en het reeds haar staal gewys en 'n verskil begin maak. Dankie vir jou voorbeeld, jou lojaliteit en vriendelikheid. Hoërskool Montana is baie trots op jou.

MONTIE VAN DIE JAAR



IVAAN KÖLTZOW

DIE NOMINASIE VIR HIERDIE TROFEE WORD GEDOEN DEUR DIE UITTREDENDE VERTEENWOORDIGENDE LEERDERRAAD

Ivaan is 'n kranige sportman met vele talente op die sportveld, maar dit is nie die rede vir hierdie merkwaardige trofee wat hy ontvang nie. Ivaan is betrokke by alles wat leef en beef. Op akademiese gebied is hy 'n uitblinker, hy lei die kreet van Montana dat al Pretoria se skole stil word en luister. Hy maak seker dat die Monties se naam hoog gehou word en sy Christelike grondslag en die uitleef hiervan is iets waarop hy trots is. Bereidwilligheid om te help waar hy kan, is deel van sy daaglikse strewe om elke dag 'n beter mens as gister te wees en die manier waarop Ivaan motiveer is merkwaardig en sonder twyfel 'n positiewe bydra tot Hoërskool Montana. Ivaan, jy is 'n voorbeeld waarna elke Montie kan streef en waarop elke onderwyser trots is.
Baie geluk jong man, 'n Montie in murg en been - Een maal 'n Montie ALTYD 'n Montie.

MATROSIE VAN DIE JAAR



ARUSTHA VAN ECK

DIÉ GRAAD 8-LEERDER WORD GEKENMERK DEUR BETROKKENHEID, MEELEWING EN WELWILLENDHEID. IEMAND MET 'N POSITIEWE GESINDHEID WAT DEUR ENTOESIASME DIE VERMOË BESIT OM MEDE-LEERDERS TE INSPIREER DEUR HAAR VOORBEELD. HIERDIE LEERDER IS ALTYD BEREID OM TE HELP WAAR NODIG EN IS 'N TOONBEELD VAN WAT DIT BETEKEN OM 'N WARE MONTIE TE WEES.
Geskenk deur die Presidente van 2018: Adam Kruger en Nelanie de Villiers.

Sy het al vroeg in die oriënteringsprogram 'n indruk op die VLR gemaak met haar vriendelike glimlag en bereidwilligheid om te help. Sy word ook deur die jaar op die sportvelde raakgesien, waar haar entoesiasme oorloop. Sy neem deel aan atletiek, netbal en sagtebal, waar sy ook goeie prestasies behaal. Sy beïndruk ook met haar leierskap waar sy self die jaar opgetree het as VLR.




Imagine
Dare
Expand
Achieve
idea
DIENS
GLO EN WERK


MONTIES

DIENS

LEERDERRAAD

TOEKENNINGS AAN DIE PRESIDENTE VAN DIE VERTEENWOORDIGENDE LEERDERRAAD


IVAAN KÖLTZOW


MARIKA TALJAARD

LEIERSKAPSTROFEE


MARIKA TALJAARD

Marika is 'n uitmuntende leier met leiersvaardighede wat absoluut natuurlik is by haar in alles wat sy aanpak. Haar waardes wat in Christus gegrond is, straal helder in elke situasie wat sy hanteer en sy het haar meer as goed gekwyt van haar taak as President van Hoërskool Montana 2023.

Marika dwing gesag af deur net haar teenwoordigheid en dit spreek boekdele van die leier wat sy is. Hoërskool Montana is trots op Marika en ons gaan nog vir baie jare oor haar praat.

EREKLEURE

DIE VOLGENDE VLR-LEDE IS VIR VYF JAAR LID VAN DIE VLR


DEWALD ALLERS


MIKA BOOYSEN


LEANKA BOTHA


JONATHAN COMBRINCK


LIAM DE VILLIERS


CAITLIN DUNBAR


TALITA HOMAN


JAIDEN JANSEN VAN NIEUWENHUIZEN


IVAAN KÖLTZOW


CAILIN KRIEL


LINKE LOUBSER


ROALD MATTHEE


SW NEL


LAUREN SAAIMAN


MARIKA TALJAARD


RIGARD VAN RENSBURG

DIE VOLGENDE VLR-LEDE IS VIR VIER JAAR LID VAN DIE VLR


LINDSAY ADAMS


DIVAN DE SWARDT


IVAN DU PLESSIS


TRISTAN ELS


THOMAS KHOZA


ANKE KIRSTEN


JANIKA LOUW


NIEL SMIT


JAIMEE WILKINSON

DIE VOLGENDE VLR-LEDE IS VIR DRIE JAAR LID VAN DIE VLR


ANDREW SHAMBO


ORATILE NGOBENI

DIE VOLGENDE VLR-LEDE IS VIR TWEE JAAR LID VAN DIE VLR


KEAN CALITZ


ELOISE CRONJE


MINYON KLEYNHANS


LAMÉ MAYERS


TÉGAN VENTER


FRANCO WOLMARANS


BONTLE HLONGWANE

MEDIALEIERS

Die biblioteek het 'n nuwe jassie aangetrek. Daar is geverf en mooi gemaak, nuwe boeke is aangekoop en 'n splinternuwe rekenaar en drukker pronk netjies op die tafel. Daar is genoeg leesstof om elke liewe boekwurm in Hoërskool Montana ure se genot te verskaf. 'n Sithoekie is ingerig vir diegene wat graag gedurende pouse of na skool net 'n bietjie wil stoom afblaas. Kom maak gerus 'n draai by die biblioteek waar jy kan ontsnap na 'n wonderlike fantasiewêreld.



Chanteney Coetzee, Tiaan van der Merwe, Aubrey Briel, Chanté Pienaar, me. C. Beechey (organiseerder), Carla Okes, Luanco Briel, Mbali Manamelo

JUNIOR STADSRAAD VAN PRETORIA

Die JCC is `n nie-winsgewende jeugorganisasie. Dit bestaan uit 31 skole uit die stad van Pretoria. Elk word verteenwoordig deur twee raadslede, `n graad 10- en 11-leerder. Die Junior Stadsraad van Pretoria se lede word gedryf deur `n enkele doelwit: om hul deel te doen om die wêreld `n beter plek te maak vir almal. Al die geleenthede en uitreikwerk word deur die jeug vír die jeug beplan en uitgevoer met die doel om eenheid en `n kultuur van teruggee in die Pretoria/Tshwane metropolitaanse distrik te skep. Hul streef daarna om betekenisvolle verhoudings te bou en `n positiewe impak te maak deur alle projekte. Die JCC het deur die jaar uitreike om behoeftiges in Pretoria te help, onder andere KANSA, Jakaranda Kinderhuis, Steve Biko Hospitaal en nog vele meer. Hoërskool Montana se JCC-lede is Linke Loubser, Swade van Zyl en Leshia Boshoff. Die Junior Stadsraad streef daarna om nie net Pretoria te verander nie, maar om die jeug en die wêreld te verander.



1ste ry: Leshia Boshoff, Swade van Zyl, mnr. Z. de Beer (organiseerder), Linke Loubser







LEIERONTWIKKELING

Elke mens is 'n leier. Waar of onwaar? Dit is nie 'n balkie of 'n titel wat jou 'n leier maak nie. Ons elkeen neem op een of ander terrein die rol van 'n leier aan. Ons beïnvloed ander mense sonder dat ons dit besef. Hoërskool Montana gee vir élke Montie die geleentheid om sy of haar leierseienskappe te ontwikkel. Hierdie jaar se leierontwikkelingsplan het bestaan uit vyf sessies, waaronder Johan Smit van VitaAmp en Huimari Meyer van Wired Flip the switch, om leerders te ontwikkel en te inspireer. Johan Kruger van Mind the heart het die program afgesluit met: “Hoe lyk 'n wêreldklas-leier”. Die sprekers het groot waarde toegevoeg en meer as 160 Monties is bemagtig. Mag die program van krag tot krag gaan om leerders vaardighede te gee om die wêreld ten goede te verander.

GRAAD 11 - LEIERONTWIKKELING



Fibby Maimane, Elzanie Naude, Lente Coetzee, Handré Venter, me. C. Orsmond (organiseerder), Ruan Louw, me. J. Vermaak (organiseerder), Loreen van der Linde, ,Gogontle Letshwene, Kiara Swart

GRAAD 10 - LEIERONTWIKKELING



1ste ry: Mauritz Visser, Maureen-Ann Janse van Rensburg, Jana Els, Gustav Crous, Jayson Bouch, Miguel Frantzen, Gustav Liebenberg, Danielle van Aswegen, Melanie Botha, Carli Oosthuizen

2de ry: Tarien Rossoux, Chanté Feldtmann, Tyler Bam, Alexa Mader, Lauren Mader, Mienke Dreyer , me. C. Orsmond (organiseerder) , me. J. Vermaak (organiseerder), Anja du Plessis, Raine Botes, Francios van Molendorff, Schané Scholtz, Ameli Le Grange



GRAAD 9 - LEIERONTWIKKELING


AMORÉ BEZUIDENHOUT


ANDRÉ NAUDÉ


ANJA FRANCIS


ANTOIN FRANTZEN


ANZELLE VAN BROEKHUIZEN


CHANE ESTERHUIZEN


EMMA COETZEE


GAVIN MC LACHLAN


JP VAN DALEN


KATELEN GREENBERG


KATELYN YOUNG


KAYLEIGH TAUTE


LOUMÉ MARAIS


MARTIENS BOTHA


MIA SWANEPOEL


NICOLE WAGNER


NSASI MADITSE


OLIVIA SEEGERS


RYAN SWART


WILDRICHT HITGE


YOLAINE SCHOLTZ

GRAAD 8 - LEIERONTWIKKELING


ADRIAAN VAN STADEN


AIDAN KREFT


AIDEN VENTER


ALEXANDER KORFF


ALEXIS KEMP


ANIEKA LE GRANGE


ANJA NIEUWOUDT


ANKE BUTLER


ANNIKA SWANEPOEL


ANSUNÉ DE WIT


BIANCA BASSON


CHANELLE DREYER


CHANTE VISSER


CHANTELLE MATHIBELA


CHRISTIENE SWANEPOEL


DANIKA DRESCHER


DEIDRÉ WIESE


DELIZE DE LANGE


DIGITA MEYER


EMIL SMITH


ERIN CARVER


ESTIAAN VAN DEN HEEVER


FRANS-CORNEL SMITH


HAYLEE ERASMUS


HEIN KRUGER


ISABELLA GUNTER


JAIDON SCHLEBUSCH


JAN-PAUL SMIT


JOHANNÉ LAMPRECHT


KAELYN VAN HEERDEN


KATLEGO MNDAWENI


KAYLENE KEMP


KAYLIN HARRIS


KEIRA VENTER


LINEZE TROLLIP


LIZÉ KRUGER


LOGAN BRUSSOW


MARJONÉ LANDMAN


MARLI SWAN


MEGAN PRETORIUS

MICKE SWANEPOEL

MILÉ COETZER

MUKATEKI SIBAMBO

NACHE VAN ZYL

PETRI VAN BLOMMESTEIN

PHATHU SETHUGA

REITUMETSE MOKOENA

RHODE VAN NIEKERK

RIKO SNYMAN

RONAN DE BEER

RUAN VAN DER MERWE

RUBEN GELDENHUYS

RUBEN HUGO

SANELLE KOTZE

SHANA MADDEN

SHANNON ALBERT

SIMONÉ COMBRINK

SOPHIA JULYAN

SUEMARY VENTER

TIAN JOUBERT

TRISTAN PIENAAR

WICO BRITS

WILLEM CRAFFORD

XANDER PEENS

ZACKERY OOSTHUIZEN


Wanneer leerders gelukkig is

CSV

Hoërskool Montana bied Monties die geleentheid om hul geloof te versterk en uit te leef. Elke Woensdag gedurende tweede pouse kom 'n jeugpastoor van die kerke in ons gemeenskap skool toe om oor die Woord van God te gesels. Die toewydingsweek was 'n hoogtepunt. Fokus is geplaas op bedagsaamheid deur woorde en optrede, gunsteling Bybelverse is uitgeruil, komplimente aan mede-leerders en positiwiteit. Die toewydingsweek het op 'n hoogtepunt afgesluit met 'n aanbiddingsgeleentheid in die skoolsaal. Deur die jaar was daar ook op Woensdae oggende 'n gebedsgroep voor skool, waar leerders spontaan bymekaar gekom het om te bid – wat 'n mooi gesig! Die gebedsgroep is oop vir alle leerders. Die skool het 'n gebedsboks waarin gebedsversoeke gegooi kan word, om leerders te lei in gebed vir mekaar en vir die skool. UCSA hoop om hierdie wonderlike inisiatief voort te sit en dit na nuwe hoogtes te neem in 2024.





Imagine
Dare
Expand
Achieve

KULTUUR

GLO EN WERK

KULTUUR

SENIOR KULTUURDOGTER VAN DIE JAAR



LISA VAN SITTERT

Lisa ontvang hierdie toekenning omdat sy 'n geweldige bydrae lewer op kultuurgebied in 'n verskeidenheid items. Haar veelseidigheid en prestasies maak haar onomwonde die perfekte kandidaat vir hierdie toekenning.

SENIOR KULTUURSEUN VAN DIE JAAR



DUNWAN BRITS

Die Dylan de Jong trofee word toegeken aan die senior seun wat die meeste kultuurpunte bymekaar gemaak het vir kultuuraktiwiteite vir die jaar 2023. Dunwann het altesaam meer as 4000 punte bymekaar gemaak.

BERGVLAM REDENAARSTROFEE



LISA VAN SITTERT

Die trofee gaan aan die redenaar wat die meeste kultuurpunte ingesamel het.

FORTISSIMO-TROFEE



ELNÉ NIEUWOUDT

Hierdie trofee word toegeken aan Elné wat die mees veelsydigste deelname getoon het aan verskeie kultuuraktiwiteite vir die jaar 2023. Sy het haar puik van haar taak gekwyt in redenaars-, sowel as kunswedstryd-deelnames, en het 3000 punte bymekaar gemaak.

EREKLEURE



LISA VAN SITTERT

4650 punte

Lisa het meer as 4000 punte verwerf vir haar deelname aan kultuuraktiwiteite. Sy het haar erebaadjie verdien vir haar uitnemendheid in verskeie kultuurkompetisies. Sy het 'n tiendeplek in die nasionale finaal van Interskole Redenaars behaal en `n A+ vir ATKV, OppietongAf, Radikale Redenaars, en Kans!vatters. Lisa neem vir die afgelope drie jaar deel aan redenaars, sowel as debat.



DUNWAN BRITS

4000 punte

Die Dylan de Jong-trofee word toegeken aan die senior seun wat die meeste kultuurpunte bymekaar gemaak het vir kultuuraktiwiteite vir die jaar 2023.



ELNÉ NIEUWOUDT

3250 punte

Sy het uitgeblink in verskeie kompetisies, insluitend Radikale Redenaars, ATKV Redenaars, Kans!vatters, en Oppietongaf met 'n A+. By die interskole kompetisie het sy 'n A+ ontvang en het gekwalifiseer vir die semi-finale. Elné het vir 5 jaar deelgeneem aan verskeie kultuur- aktiwiteite, asook een jaar deelname aan debat. Tydens Kunswedstryde het Elné 'n A+ en 'n A-simbool ontvang.



BONTLE HLONGWANE

3050 points

She actively engaged in debate, external public speaking, and the Van Huyssteens Orators' program, enhancing valuable communication skills.



LEANÉ GOUWS

2800 punte

Sy het uitgeblink in verskeie ATKV-kompetisies, onder andere ATKV voorbereid, waar sy by die semi-finale, eersteplek behaal het en deurgedring het na die finaal. Tydens die ATKV-onvoorbereid het sy die semi-finale tweedeplek bereik en uiteindelik, tweedeplek behaal in die finaal. Sy het ook suksesvol deelgeneem aan die Radikale Redenaarskompetisie en het die derdeplek in die Streeksfinaal behaal. Met 'n deelname geskiedenis van twee jaar, illustreer Leané haar toewyding en vaardigheid in kultuur.



SHAKIRA CRAVINHO

2700 punte

Sy het indruk gemaak in verskeie kompetisies, soos Kans!vatters Redenaars waar sy deur was na die semi-finale, asook Radikale Redenaars, OppietongAf en ATKV Redenaars met 'n A+. Met 'n deelname geskiedenis van drie jaar, neem sy ook deel aan die "Internal Public Speaking" van die skool. In Radikale Redenaars (Engels) het sy deurgedring na die nasionale rondte (streeksfinaal) en uiteindelik 'n verdienstelike derdeplek behaal.



GOGONTLE LETSHWENE

2450 points

Gogontle achieved first place at the Hoërskool Montana Public Speaking, demonstrating excellence in Radikale Redenaars (English) and the "On the Tip of Your Tongue" and Interschools competition. She actively participated in the "SA Akademie vir Wetenskap en Kuns Poort-kompetisie", with published work. Furthermore, she contributed to the cultural landscape by participating in the Orators Festival and delivered a performance in the Montie Arte's school function, showcasing a multifaceted commitment to public speaking and the arts.



MUFHATUTSHEDZWA MUKHUFHI

2300 points

Mufhatutshedzwa excelled at Hoërskool Montana's Public Speaking, in categories like Radikale Redenaars (English) and "On the Tip of Your Tongue". Her success continued through the interschools competition, reaching the national round, and she actively participated in the English debate.

KOOR

Hoërskool Montana bied 'n wye verskeidenheid van sport- en kulturele aktiwiteite aan, maar die aktiwiteit wat kop en skouers bo almal uitstaan is die Koor. Ons was bevoorreg om talle nuwe koorlede te werf hierdie jaar, wie ons met ope arms verwelkom het by ons jaarlikse koorkamp. Só groei die band tussen elke koorlid deur die jaar tot waar ons nou saam werk as `n span, en saam staan as `n familie. Met baie harde werk en wedersydse passie wat elke koorlid vir musiek deel, het die koor nuwe hoogtes bereik. Gedurende die skooljaar van 2023 het die koor verskeie optredes gehad, onder andere die Overkruin Koorfees, die Magalies Koorfees, die Legato Choral Festival, sowel as ons grootste kompetisie van die jaar, Applous, waar ons `n silwer toekenning behaal het. Elkeen van die koorlede het al hierdie wonderlike geleenthede met baie energie en entoesiasme aangepak, wat gelei het tot nog `n suksesvolle jaar. Dit is met groot dankbaarheid en tevredenheid wat ons hierdie jaar kan afsluit sodat elke koorlid kan rus om 2024 nog `n onvergeetlike jaar te maak!



1ste ry: Tristan Lewis, Lente Coetzee, Khauhelo Musa (tenoorleier), Christiaan Hartman (begeleier), me. M. van Eeden (organiseerder), mnr. M. Botha (hoof), Jacques Rawlins (hoofseun), me. F. Liebenberg (dirigent), mnr. L. Booysen (organiseerder), mnr. E. Banninga (organiseerder), Jayson Bouch (basleier), Jenna Kruger (sopraanleier), Mauritz Visser

2de ry: Dané Steyn, Neilene Fölscher, Onkarabile Molekwa, Tesmia Botha, Lea Coetzee, Nsaseko Maditse, Emma Coetzee, Ané Dreyer, Olivia Seegers, Christelle Doman, Shené Martens, Mpho Mofokeng, Linzé Botha, Mia Swanepoel, Anja Nieuwoudt, Tarien Rossouw

3de ry: Suané Cilliers, Roelien Oelofsen, Lethabo Shaku, Teresa Alves, Kaelyn van Heerden, Elrica Smit, Amorey Viljoen, Anica Poley, Anja Francis, Diané Coetzee, Johané Lategan, Liza-Mari Henning, Sydney Steyn, Mbali Manamela, Linka Vorster, Jennica Faught, Megan Scholtz, Dineo Lehutjo, Elani Cornelius, Mia Coetzee

4de ry: El-ioné Venter, Tatiana Vallentgoed, Nicole Wagner, Steven de Jager, Sisi Ngxumza, Callista Gouws, Linden Ribeiro, Owen van Wyngaard, Amelia Havenga, Aiden Venter, Dian Cloete, Micke Pretorius, Remoabetswe Sekhumba, Barend van Deventer, Rorisang Lekubu, Clarissa le Grange, Jayde Owen

5de ry: Gabrielle Vermeulen, Mikayla van Niekerk, Nation Nthikwatamba, Orablie Molaba, Annémae von Schlichting, Tylo Lustig, Deidré Wiese, Thyron Olivier, Swade van Zyl, Wian Howell, Luan le Roux, Dylan Coop, Danielle van Heerden, Anolé van Rooyen, Chanzelle Visser, Wijan Pretorius, Roan Verster, Nicole Cowley, Danielle Vermeulen



KUNSWEDSTRYDE EN EISTEDDFODS

Ons leerders het weer deelgeneem aan die Pretoria Eisteddfod, die AKV kunswedstryd en die Noorderkruin Kunstefees. Natuurlik het die Monties weggestap met vele A, A+, A++ en kategoriewenner uitslae. Ons streef daarna om aan elke leerder die geleentheid te gee om 'n platform te bied waar hulle hul talent kan uitleef. Baie geluk met wonderlike uitslae, Monties. In 2023 was daar nie Toneelfees en tienertoneel gewees nie. Volgende jaar het ons weer tienertoneel en natuurlik groot REVUE.

KUNSWEDSTRYDE EN EISTEDDFODS



1ste ry: Taki Makua, Kylie Pretorius, Retabile Mphahlehle, Bontle Hlongwane, Mbali Manamela, Carmen van der Walt
2de ry: Elné Nieuwoudt, JP Kritzinger, me. C. Coetzee (afrigter), me. N. van Niekerk (koördineerder), Lente Coetzee, Kayleigh Taute

POORT - EN INK SKRYFKOMPETISIES

Die skool het vanjaar aan twee skryfkompetisies deelgeneem en die Montie-penne het behoorlik oor die bladsye geïnk. Die Poort-kompetisie, geloods deur die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns, het 'n groot oes gelewer. Ons spog met nege skryfstukke (agt gedigte en een kortverhaal) wat in die 2023-bundel opgeneem is. Ons skryfavontuur het egter nie daar gestop nie. Hoërskool Montana het ook aan die INK in Afrikaans-skryfkompetisie deelgeneem. Twee Monties word in die Inkspraak 4-bloemlesing opgeneem, waaronder twee gedigte en twee kortverhale gepubliseer word. Ons is trots op elke skrywer en digter hier by Hoërskool Montana. Mag julle penne nooit ink verloor nie en julle bladsye nooit ophou verhale vertel nie.


ANIKA MEYER


DAMIAN BEYER


DANRI PISTORIUS


ELOISE CRONJÉ


FIBBY MAIMANE


GOGONTLE LETSHWENE


JAYDEN OOSTHUIZEN


JP KRITZINGER


KAILY-CHÉ SCHEEPERS


MAURITZ VISSER


MEGAN VAN DER MERWE


MELISSA SMITH


MORGAINE SWAAK


NATASHA VAN DER MERWE


ONALERONA MWANZA


SIMONÉ STRYDOM


TALITA GOUWS


TARIEN ROSSOUW

REDENAARS

INTERNE REDENAARS

Die spogaand wat Hoërskool Montana elke jaar aanbied gedurende die eerste kwartaal is 'n geleentheid vir elke spreker en gesoute redenaar om te wys waar Dawid die wortels begrawe het. Die onderwerpe het glad nie hierdie jaar teleurgestel nie en die sprekers het hulle goed van hul taak gekwyt. Daar is gedebatteer oor sake wat selfs die hoof laat rondskuif het op sy stoel. Die bestuur se teenwoordigheid het baie vir die leerders beteken. Die ouers geniet ook die aand saam met hul bekkige kinders. Baie dankie aan die Afrikaanse departement wat altyd regstaan om die aand 'n groot sukses te maak.Ons sien met groot verwagting uit na volgende jaar se interne redenaars.

SENIOR INTERNE REDENAARS



1ste ry:Shakira Cravinho, Denike Myburgh, Elné Niewoudt, Marko Loots, Dunwan Brits, Gogontle Letswene, me. C. Beechey (organiseerder)

JUNIOR INTERNE REDENAARS



1ste ry:Mia Swanepoel, Jennike Maartens, JP van Dalen, me. C. Beechey (organiseerder), Leané Gouws, Neels Potgieter

EKSTERNE REDENAARS

Hierdie jaar het die Monties aan vyf verskillende redenaarskompetisies binne skoolverband deelgeneem, naamlik ATKV Redenaars, Kans!Vatters, OppietongAf, Interskole en Radikale Redenaars. Ons sprekers het nie vir een oomblik teruggehou nie! Die Monties het hulle talente laat fladder by elkeen van hiérdie kompetisies en verskeie prestasies behaal. Verskeie leerders kwalifiseer ook vir die nasionale rondtes, waar hulle uitstekend gevaar het.

Ons leerders behaal die volgende plekke by die nasionale finale:
Leané Gouws behaal 'n tweedeplek by die ATKV-nasionale finaal vir haar voorbereide toespraak en Lisa van Sittert behaal 'n tiendeplek by die Interskole se nasionale finaal vir haar voorbereide toespraak.

Ons leerders behaal verder die volgende plekke by die Radikale Redenaars se streeksfinaal:
Michelle Joubert 'n tweedeplek, Leané Gouws en Shakira Cravinho 'n derdeplek. Ons Monties wys verseker dat hulle weet hoe om te redeneer! Ons is bitter trots op elkeen wat deelgeneem het in 2023. Ons sien uit na wat julle in die toekoms gaan bereik met hiérdie praat en redenasievermoë.

RADIKALE REDENAARS



1ste ry: Shakira Cravinho, Leané Gouws, Dunwan Brits, me. C. Orsmond (organiseerder), Jennieke Alberts, Michelle Joubert, Lisa van Sittert

RADIKALE REDENAARS (ENGLISH)



1ste ry: Fibby Maimane, Mbali Manamela, me. J. Delport (organiseerder), Gogontle Letshwene, Shakira Cravinho.

OPPIETONGAF REDENAARS



1ste ry: Shakira Cravinho, Jennieke Alberts, Dunwan Brits, me. Christa Orsmond (afrigter), Waldo Wessels, Michelle Joubert, Lisa van Sittert

ATKV-REDENAARS



1ste ry: Shakira Cravinho, Michelle Joubert, Denike Myburgh, Dunwan Brits, Leané Gouws, Lisa van Sittert, me. Christa Orsmond (afrigter)

KANS!VATTER REDENAARS



1ste ry: Shakira Cravinho, Michelle Joubert, Dunwan Brits, Jennieke Alberts, Lisa van Sittert, me. C. Orsmond (afrigter)

ORATORSFEES



BONTLE HLONGWANE



DENIKE MYBURGH



ELNÉ NIEUWOUDT



LETSHWENE GOGONTLE



MBALI MANAMELA



MICHELLE JOUBERT



MUFHATU MUKHUFHI



MUNYA FRANCISCO



RETHABILE MPHAHLELE



DEBAT

DINK OF SINK STREEKSKOMPETISIE

Hoërskool Montana was op 27 en 28 Julie, vir die sewende jaar, die gasheerskool vir Afriforum se onvoorbereide debatskompetisie, waar spanne in die noordstreek teen mekaar kompeteer vir deelname aan die finale rondte. Hierdie jaar het 13 hoërskole deelgeneem en altesaam 108 debatte het gedurende dié twee dae plaasgevind. By die juniors het AHMP 4 en Helpmekaar 2 deurgedring na die finaal. Tydens die Gala-aand was Helpmekaar die inleidende span, wat die standpunt "Herwinning behoort deur wetgewing verplig te word" verdedig het. Daar was 'n hewige "bek-geveg" vir en teen hierdie onderwerp, en AHMP het met slegs 3 punte voor Helpmekaar as wenners uit die stryd getree. Die twee seniorspanne wat mekaar die stryd aangesê het, was AHMP 1 en AHS 1. AHS was die inleidende span met die standpunt: "Voldoende watervoorsiening is die grootste krisis wat Suid-Afrika in die gesig staar. Die opponenerende dogterspan het ongelukkig minder punte by die beoordelaars verwerf. Baie geluk aan AHMP juniorspan en AHS seniorspan wat deurgedring het na die finaal in Oktober. Lisie Basson was die gaskunstenaar wat die ergste spanning tussen die debatte verlig het met haar pragtige stem en lekker saam-sing liedjies. Baie dankie aan Afriforum vir hierdie platform wat leerders bemagtig om onvoorbereid standpunt in te neem en op hul voete te dink.



1ste ry: Legre de Villiers, Mauritz Visser, Bieuli van Tonder, JP Kritzinger, Swade van Zyl, me. N. De Kock (afrigter), Liam Varrie, Delarey Nel, Lente Coetzee, Lisa van Sittert




PURE
MONTANA
DINK
SINK
NOORDSTREEK
2023
PURE
MONTANA
PURE
MONTANA
PURE
MONTANA
DINK
SINK
NOORD
STREEK
DINK
SINK
PURE
MONTANA

ATKV-DEBAT

Op 3 Maart het die Monties weer die bekgevegte aangedurf by vanjaar se ATKV-debat, aangebied deur Afrikaans Hoër Seunskool. Met onderwerpe soos “Stedelike landbou behoort voedselsekerheid in Suid-Afrika te bevorder” en “Suid-Afrika behoort 'n nuwe kiesstelsel in te stel” het ons Monties ons goed gekwyt van ons taak en sien ons uit na volgende jaar.



1ste ry: Kaelyn van Heerden, Mauritz Visser, Nicole Cowley, JP Kritzinger, mrs N de Kock (afrigter), Anja de Plessis, Lerize du Toit, Legre de Villiers.









ENGLISH DEBATE

The English learners of Montana had the opportunity to show off their debating skills. The juniors had to argue about “Animal testing should be legalised.” Team Power Puff Girls plus Guy won the fight, debating that it should not be legalised. The seniors had the audience on the edge of their seats, arguing “We live in a man dominated world. Time for change!” This time it was team D.O.M that convinced the adjudicators that is in fact time to change!

ENGLISH DEBATE SENIOR



1st row: Oratile Ngobeni, Gogontle Letshwene, Mufhatutshedzwa Mukhufhi, Khaya Matiwane, Mrs N de Kock (coach), Munyaradzi Francisco, Duncan Modise, Bontle Hlongwane

ENGLISH DEBATE JUNIOR



1st row: Mrs N de Kock (coach), Chantelle Mathibela, Katlego Mndaweni, Angel Matsangaise, Reatlegile Modise, Lilitha Tshaka; Gogontle LetshweneAbsent: Kgamelo Njoni

MONTIE ARTÉS

Montie Artés was 'n ongelooflike sukses! Baie dankie vir elkeen wat deelgeneem het, sowel as die bydraes, hulp, en ondersteuning. Baie geluk aan elke deelnemer - julle het getoon wat dit beteken om "guts" te hê om voor 'n gehoor op te tree. Julle is deel van die glansryke PUREMONTANA KULTUUR en ons is trots op elkeen van julle.

Die wenners in die verskillende kategorieë was soos volg:

Orkes (band)
Die Papier Dorings (Cheyenne Venter en Megan Bannister)

Skryfstuk
Danica Geyer

Dans: Laerskool
Lise Rossouw

Dans: Hoërskool
Micke van Rooyen

Drama
1ste Plek: Gogontle Letswhene
2de Plek (Gesamentlik): Linden Ribeiro en JP Kritzinger
3de Plek: Kayleigh Taute
4de Plek: Roelien Oelofsen

Sang: Laerskool
Moné en Hellet

Sang: Hoërskool
Mia Visser

Kuns: Laerskool
Alyssa van Schalkwyk

Kuns: Hoërskool
Elene Klugkist

Instrumenteel:
Isabela Gunter - dwarsfluit

Ons is opgewonde oor die talent wat ons gesien het en kan nie wag om 'n volgende geleentheid van kreatiwiteit en passie te vier nie. Julle maak Montana trots!



1ste ry: Mauritz Visser, Sydney Steyn, Elne Klugkist, Delarey Nel, JP Kritzinger, Oarabile Moloba, Isabella Gunter
2de ry: Micke van Rooyen, Roelien Oelofsen, Kayhleigh Taute, Megan Bannister, me. N. van Niekerk, Megan Bannister, Cheyenne Venter, Lente Coetzee, Gogontle Letshwene, Rhode van Niekerk, Danica Geyer, Bontle Kekae




MONTANA

KULTUURAAND EN KUNSUITSTALLING

Die kultuurleerders werk baie hard om kultuurpunte deur die jaar op te bou en op hierdie aand kry die leerders erkenning vir hulle bydraes op kultuurgebied. Sertifikate van deelname, verdienste en halfkleure is uitgedeel op 25 Oktober en daar was selfs 'n paar drama- en dans-items en klavierspel om die gehoor te vermaak. Elke leerder het geleentheid gehad om hulle kunswerke, waaraan vreeslik hard gewerk is, ten toon te stel vir almal om te besigtig.



PUBLIC SPEAKING

As per usual we started our year with the Internal Public Speaking Evening. The topics were all related to ADVERTISING and we had excellent contributions. The junior public speaking took place on the 21st of February. The speakers impressed both the adjudicators and parents with very good language usage and displayed a lot of talent. They keep surprising us with their well-argued speeches. Several of these juniors are going to be exceptionally good speakers in the future. Basetsana Mahika was in third place with a very convincing speech as to why it is not acceptable to belittle others. Michelle Joubert spoke enthusiastically about how easy it is to get tangled up in words, for which she was given second place. In the first place was Sophia Julyan who spoke about the importance of social branding. We were won over by good reasoning and effective presentation. We could not be prouder of our junior speakers.

SENIOR INTERNAL PUBLIC SPEAKING



1st row: Fibby Maimane, Gogontle Letshwene, Bieuli van Tonder, Dunwan Brits, Raine Botes, Shakira Cravinho, Mrs Delport (couch)

JUNIOR PUBLIC SPEAKING



1st row: Basetsana Makitla, Mufathutshedzwa Mukhufhi (MC) , Kaelyn van Heerden, Realeboga Chiane, JP van Dalen, Phathutshedzo Sethuga, Asante Sibambo, Mrs V de Beer (coach)

ENGLISH PUBLIC SPEAKING LEAGUE



1st row: Mrs J Delport (coach), Basetsana Makitla, Fibby Maimane, Oratile Ngobeni, Gogontle Letshwene, Mufhatutshedzwa Mukhufhi, Bontle Hlongwane, Palesa Matlabjane, Reatlegile Modise, Shakira Cravinho



JUNIOR PUBLIC SPEAKING



1st row: Basetsana Makitla, Mbali Manamela, Mrs J Delport (coach), Gogontle Letshwene, Reatlegile Modise, Fibby Maimane.







REVUE SANGGROEP

Die Revue Sanggroep het alreeds ongelooflik hard gewerk en geoefen om seker te maak dat die 2024-revue 'n uitsonderlike sukses sal wees. Met ure se toewyding maak hulle gereed vir 'n produksie vol energie, kreatiwiteit en talent wat ongetwyfeld gaan betower. Die span se passie vir musiek is duidelik in elke repetisie, en hulle is vasbeslote om 'n vertoning te lewer wat lank onthou sal word. Monties, maak gereed vir 'n onvergeetlike ervaring in 2024.

REVUE SANGGROEP



1ste ry: Nadia Harmse, Danielle Meyer, Raine Botes, Maurtiz Visser, Charissa Botha, Linka Vorster, Mbali Manamela, Kylie Pretorius, Rhode van Niekerk, Mia Coetzee

2de ry: Lente Coetzee, Khauhelo Musa, Danielle Vermeulen , Delarey Nel, me. C. Coetzee (organiseerder en afrigter), me. N. van Niekerk (organiseerder en afrigter), JP Kritzinger, Gabrielle Vermeulen, Sisi Ngxumza, Jenna Kruger, Tatiana Valentgoed.



VOORTREKKERS

Die Voortrekkers se tema vir 2023 was “Ons bou 'n toekoms” en hoe gepas het Hoërskool Montana se leuse van “Glo en Werk” ook hierby ingepas. Die Montana Vorie-bytjies het 'n propvol jaarprogram vol aktiwiteite en spesialisasie kentekens meegemaak en so gewys hul is deel van die K(kultuur)- A(avontuur)- N(natuur), oftewel die KAN toekomsgerigte jeugorganisasie. Spesialisasiekampe wat tydens skoolvakansies in al die provinsies bygewoon is, sluit in Lunsklip Veldwerkkamp (Limpopo), Rhus Keeti Avontuurkamp (Limpopo), Thaba Veldwerkkamp (Noordwes), Veldkamp (Vrystaat – Doornkloof), Seejol (Hartenbos), Branderkapperjolle (Natal Suidkus – TO Strande) en dan Wilgedraai Waterwerkkamp (Vrystaat –Vaaldam Oranjeville). Tydens hierdie kampe en ook by spesialisasiedae deur die jaar aangebied, is lewensvaardighede soos selfbehoud, veldvernuf, voetslaner, seilkuns, roeikunde, ruiterkuns, gevorderde boogskiet, snorkel en skubaduik, om maar net 'n paar te noem, geleer, gedoen en geniet.

Dan is ons skool ook trots om vier kandidate te hê wat die hoogste toekenning wat 'n hoërskool-Voortrekker kan behaal, naamlik die Presidentsverkenner (nasionale kleure in kulturele leierskap) verwerf. Hierdie toekenning span die kroon op die kandidaat se betrokkenheid as jeuglid van Die Voortrekkers. Christenskap, burgerskap en Afrikanerskap, saam met diensbaarheid, is deurlopend deur hierdie kandidate uitgeleef tot so 'n mate dat dit die Voortrekkers tot eer strek. Buiten die teoretiese toets wat in April geskryf is, moes die kandidate ook 'n internasionale Presidentsverkenner afrondingsgeleentheid bygewoon het. Dié jaar was die kamp in Graaff-Reinet aangebied en jeuglede van regoor Suid-Afrika en Namibië het die kamp bygewoon en aktief aan al die aktiwiteite deelgeneem. Vanaf Hoërskool Montana groet ons jul dan met die woorde: “Hou koers dan tot ons weer ontmoet”.



1ste ry: Alicia Kleingeld, Lynn-Marie Enslin, Luan Smit, me. C. Visser (organiseerder), Christo Hart, Bianca Kleingeld, Christelle Doman
2de ry: Tatiana Hitge, Wildricht Hitge, Hermien Kruger, Kara Welding, Melissa Smith, Richard Hart, Marluché Pretorius, Clewin Theunissen, Rioné Enslin
3de ry: Tertius Pretorius, Konrad Koukeas, Anroe van Rooyen, Dandri Pistorius, Swade van Zyl, Sebastian Krynauw, Marko Venter

EREKLEURE

11 JAAR DIENS



RICHARD HART



KONRAD KOUKEAS



TATIANA HITGE

10 JAAR DIENS



NIZAAN GROBLER



HENTIE SCHOEMAN

7 JAAR DIENS



DANRI PISTORIUS

PRESIDENTSVERKENNERS



LYNN-MARIE ENSLIN



BIANCA KLEINGELD



MELISSA SMITH



ALICIA KLEINGELD





Imagine
Dare
Expand
Achieve

SPORT

GLO EN WERK

EREPENNINGS

DIE VOLGENDE ATLETE ONTVANG EEN VAN DIE HOOGSTE TOEKENNINGS, NAAMLIK 'N EREPENNING

ATLETIEK



IZANDRI JACOBS

SILWER EREPENNING
Neem deel aan SA-Atletiekkampioenskappe en verwerf 'n silwer medalje in 1500m.
Neem deel aan SA Skolekampioenskappe en verwerf 'n goue medalje in 1500m.



ISABELLA GUNTER

BRONS EREPENNING
Bronsmedaljewenner by SA-Skolekampioenskappe in 300m hekkies.



LENÉ MAARTENS

BRONS EREPENNING
Silwermedaljewenner by SA-Skolekampioenskappe in 3000m.



SAVANNAH VISSER

BRONS EREPENNING
Verwerf 'n brons medalje in spiesgooi by SA-Atletiekkampioenskappe.



MARCEL BRITS

BRONS EREPENNING
Verwerf 'n silwer medalje in 3000m by SA-Atletiekkampioenskappe.



PAUL RAS

BRONS EREPENNING
Verwerf 'n brons medalje in paalspring by SA-Atletiekkampioenskappe.

LANDLOOP



MARCEL BRITS

SILWER EREPENNING
Deelname aan SA-Atletiekkampioenskappe en gouemedaljewenner by die 2km Youth-wedloop, sowel as goue spanmedaljewenner.



JASMEN PIENAAR

BRONS EREPENNING
Deelname aan SA-Atletiekkampioenskappe en gouemedaljewenner by die 2km Youth-wedloop.

NETBAL



YUNKE BOTHA

SILWER EREPENNING
Haar span eindig onder die top 5 by die SA-Kampioenskappe. Sy word gekies vir Gauteng A-span.



LEAH BOOYSEN

BRONS EREPENNING
Haar span eindig onder die top 5 by die SA-Kampioenskappe.



ILANA BOTHA

BRONS EREPENNING
Haar span eindig onder die top 5 by die SA-Kampioenskappe.



ALTJE CONRADIE

BRONS EREPENNING
Haar span eindig onder die top 5 by die SA-Kampioenskappe.



CATHLENE DU PREEZ

BRONS EREPENNING
Haar span eindig onder die top 5 by die SA-Kampioenskappe.



MILANÉ HATTINGH

BRONS EREPENNING
Haar span eindig onder die top 5 by die SA-Kampioenskappe.



ROCHELLE JOUBERT

BRONS EREPENNING
Haar span eindig onder die top 5 by die SA-Kampioenskappe.



ANJE PITZER

BRONS EREPENNING
Haar span eindig onder die top 5 by die SA-Kampioenskappe.



WILMARI VAN TONDER

BRONS EREPENNING
Haar span eindig onder die top 5 by die SA-Kampioenskappe.

RUITERSPORT



CLAIRE WIBLIN

SILWER EREPENNING
4 jaar deelname, asook spankaptein. Gekies vir die Gautengspan.
Goue- en silwermedaljewenner by die SA-Kampioenskappe

RUGBY



DIVAN NEL

SILWER EREPENNING
Gekies vir die Blou Bulle 0/17A-span.



RETHABILE MATLOA

BRONS EREPENNING
Gekies vir die Blou Bulle 0/15B-span.



ERIC POTGIETER

BRONS EREPENNING
Gekies vir die Blou Bulle 0/15B-span en spankaptein van 0/15A-span.

SAGTEBAL



RIONÉ ENSLIN

DUBBELE SILWER EREPENNING
Gekies vir die IRT Bluesox-span, sowel as die Gautengspan.



LYNN-MARIE ENSLIN

SILWER EREPENNING
4 jaar lid van A-span en lid van eerstespan.
Gekies vir die IRT Bluesox-span.



MELENI WILKINSON

BRONS EREPENNING
Gekies vir die IRT Redsox-span.



SISI NGXUMZA

BRONS EREPENNING
Gekies vir die IRT Whitesox-span.



ARUSTHA VAN ECK

SILWER EREPENNING
Gekies vir die IRT Bluesox-span.



YARUSHAH LOURENS

BRONS EREPENNING
Gekies vir die IRT Whitesox-span.

SPORTVROU VAN DIE JAAR



IZANDRI JACOBS

Dit is die tweede jaar in 'n ry wat hierdie dogter hierdie toekenning ontvang. Sy laat mens in bewondering elke keer wanneer sy die atletiekbaan betree. Sy behaal die volgende uitsonderlike prestasies:

- A-Bond Interhoër: 2 goue medaljes vir 800m en 1500m
- Curro Podium: 2 goue medaljes
- Noordvaal Interhoër: 3 goue medaljes
- AGN-Kampioenskappe: goue medalje in 800m
- Sy kwalifiseer vir die SA-Atletiekkampioenskappe, waar sy 'n nasionale silwermedaljewenner is in 1500m. By die SA-Skolekampioenskappe is sy gekroon as SA-kampioen in die 1500m en verwerf dan ook nasionale kleure vir atletiek

Izandri neem ook deel aan SA-Atletiekkampioenskappe vir landloop, waar haar span 'n goue medalje wen. Sy word aangewys as die top 8-atleet by Gauteng-Noord se skoleprysuitdeling en by die AGN-Kampioenskappe verwerf sy onderskeidelik 'n sesde- en tweedeplek.

SPORTMAN VAN DIE JAAR



MARCEL BRITS

Hierdie spogatleet verwerf die volgende prestasies tydens die 2023-atletiekseisoen:

- A-Bond Interhoër: 3 goue medaljes vir 800m, 1500m en 3000m
- Curro Podium: brons medalje
- Noordvaal Interhoër: silwer en brons medalje
- AGN-Kampioenskappe: goue medalje in 3000m

Hy verwerf provinsiale kleure in atletiek en kwalifiseer vir die SA-Atletiekkampioenskappe asook SA-Skolekampioenskappe. Hy verwerf 'n nasionale tweedeplek in die 3000m.

Vir landloop eindig Marcel onder die top vyf van sy ouderdom tydens elke ligabyeenkoms. By die Gauteng-Noord prysuitdeling word hy aangewys as die nommer 2-atleet in sy ouderdomsgroep en ontvang 'n silwer medalje. By die SA-Atletiekkampioenskappe ontvang hy 'n individuele goue medalje, sowel as 'n goue spanmedalje.

MONTIE SPORTTOEKENNING: SEUN



GUSTAV NEL

Hierdie seun was voorwaar 'n uitblinker op die sportveld. Hy ontvang erekleure vir hokkie. Hy was vir 3 jaar lid van 'n A-span en het ook vir 2 jaar vir die hokkie eerstespan gespeel. Hy ontvang ook erekleure vir krieket. Hy was vir 2 jaar lid van 'n A-span en vir 3 jaar lid van die krieket eerstespan. Sy veelsydigheid is verder duidelik deurdat hy die tweede meeste paaltjies vat en onder die top vyf kolwers vir die seisoen was. Sy pligsgetrouheid op die sportveld was voorwaar 'n voorbeeld vir sy spanmaats en het van hom 'n Montie gemaak om op trots te wees.

MONTIE SPORTTOEKENNING: DOGTER



MIKA BOOYSEN

Hierdie dogter is een van ons sportdogters wat ons met groot afwagting dophou. Sy verwerf erekleure vir atletiek. Sy was vir 4 jaar lid van die A-Bond Interhoërspan en het deelgeneem aan die distrikskampioenskappe. Sy verwerf ook 'n goue medalje by die Noordvaalbyeenkoms.

Sy verwerf ook erekleure vir landloop. Sy is vir 5 jaar lid van die landloopspan en dien in 2023 as spankaptein. Sy verwerf 'n derdeplek in die aflos, word gekies vir die Noordvaalspan en neem deel aan SA-Atletiekkampioenskappe. Daar is sy deel van die span wat 'n goue medalje wen.

Sy verwerf erekleure vir netbal. Sy was vir 3 jaar lid van 'n A-span en vir twee jaar deel van die netbal eerstespan. Die eerstespan eindig hierdie jaar onder die top 5-spanne by die Gauteng Kampioenskappe. Laastens verwerf sy ook erekleure vir swem, want sy was vir 4 jaar lid van die interhoërspan. Sy is voorwaar 'n ster op die sportveld. Alles wat sy aanpak is met geesdrif en positiwiteit en haar betrokkenheid en entoesiasme in die kleure van Montana maak haar 'n Montie om op trots te wees

AFRIGTER VAN DIE JAAR (DOGTERSPORT)



JJ DIAMOND
NETBAL

AFRIGTER VAN DIE JAAR (SEUNSPORT)



JURIE BOSHOFF
KRIEKET

ATLETIEK

DIE VOLGENDE ATLETE HET DIE GROOTSTE BYDRAE GELEWER IN DIE 2023-ATLETIEKSPAN

JUNIOR DOGTERSATLEET VAN DIE JAAR



LENÉ MAARTENS

Lené verwerf provinsiale kleure in atletiek. Sy neem deel aan beide SA-Atletiekkampioenskappe en SA-Skolekampioenskappe en behaal 'n puik nasionale tweedeplek in die finaal van die 3000m dogters 15 jaar.

JUNIOR SEUNSATLEET VAN DIE JAAR



VAN ZYL VENTER

Van Zyl verwerf provinsiale kleure in atletiek. Hy neem deel aan die SA-Atletiekkampioenskappe en behaal 'n nasionale 7e plek in die finaal van die seuns 15 jaar 100m hekkies.

SENIOR DOGTERSATLEET VAN DIE JAAR



IZANDRI JACOBS

Izandri verwerf provinsiale kleure in atletiek. Sy neem deel aan beide SA-Atletiekkampioenskappe en SA-Skolekampioenskappe. Tydens die SA-Skolekampioenskappe word sy gekroon as die SA-Kampioen in 1500m dogters 17 jaar. Izandri verwerf ook nasionale kleure vir atletiek.

SENIOR SEUNSATLEET VAN DIE JAAR



MARCEL BRITS

Marcel verwerf provinsiale kleure in atletiek. Hy neem deel aan beide SA-Atletiekkampioenskappe en SA-Skolekampioenskappe en behaal 'n puik nasionale tweedeplek in die finaal van die 3000m seuns 17 jaar.

EREKLEURE



LINDSAY ADAMS

- Vier jaar lid van die Interhoërspan
- Deelname aan Distriks-kampioenskappe



RIGARD VAN RENSBURG

- Vier jaar lid van die Interhoërspan
- Goud by NWU groep 2 vir aflos.
- Deelname aan Distriks-kampioenskappe



JOHANNÉ LAMPRECHT

Deelname aan SA-Atletiekkampioen-skappe en SA-Skole-kampioenskappe



DANIËLLE DE BRUYN

- Vier jaar lid van die Interhoërspan
- Goud by A-Bond Interhoër
- Distrikkampioen
- Goud by AGN en Gauteng
- Deelname aan nasionale kampioenskappe



CHANÉ VISAGIE

Vier jaar lid van die Interhoërspan



ARUSTHA VAN ECK

Deelname aan SA-Atletiekkampioen-skappe



DIVAN DE SWARDT

- Vier jaar lid van die Interhoërspan
- Goud by NWU groep 2 vir aflos



TALITA HOMAN

- Vier jaar lid van die Interhoërspan
- Deelname aan Distriks-kampioenskappe



MARTIENS BOTHA

Deelname aan SA-Skolekampioen-skappe



IVAN DU PLESSIS

- Vier jaar lid van die Interhoërspan
- Goud by NWU groep 2 vir aflos
- Distrikkampioen



MIKA BOOYSEN

- Vier jaar lid van die Interhoërspan
- Deelname aan Distriks-kampioenskappe
- Goud by Noordvaal



VAN ZYL VENTER

Deelname aan SA-Atletiekkampioen-skappe



JIRÉ LE ROUX

Vier jaar lid van die Interhoërspan



MARIKA TALJAARD

- Vier jaar lid van die Interhoërspan
- Deelname aan Distriks-kampioenskappe



TIAAN STEVENS

Deelname aan SA-Atletiekkampioen-skappe en SA-Skole-kampioenskappe



SW NEL

- Vier jaar lid van die Interhoërspan
- Goud by NWU groep 2 vir aflos.
- Deelname aan Distriks-kampioenskappe



MISCHKE STEENKAMP

- Vier jaar lid van die Interhoërspan
- Deelname aan Distriks-kampioenskappe



JAYDEN CLOETE

Deelname aan Gauteng Kampioenskappe

Hoërskool Montana se 2023-atletiekseisoen het met die interhuisbyeenkoms afgeskop. Die gees onder toeskouers en atlete was opvallend - 'n nuwe gevoel in Montie-atletiek. Huis Carnica is aangewys as wenners, terwyl huis Osmia, vir hul poging op die pawiljoen, met die geestrofee beloon is.
'n Baie groot atletiekspan het aan vriendskaplike byeenkomste te Zwartkop, Garsfontein, Oos-Moot en Nylstroom deelgeneem. Die Montie-tuisbyeenkoms is ongelukkig deur swaar reën ontwrig.

Die Montiespan het 'n uitnemende seisoen in die kampioenskapbyeenkomste beleef. Dit sluit in:
- vyfdeplek by Noordheuwel Top 15 (uit 33 skole in die A-afdeling)
- agtsteplek by TUKS Top 10 (uit 28 spanne in die A-afdeling)

VALENTYNSDAG

Valentynsdag - die dag van liefde... Hoewel Monties áltyd lief is vir mekaar, is dit 'n spesiale dag, waar sommiges die waagmoed het om hul liefde te verklaar – en met vreeslike oulike idees vorendag kom. Blomme, sjokolade, geskenksakkies met verrassings... gelukkige harte, gelukkige Monties! Dis LEKKER om 'n (verliefde en geliefde) Montie te wees!



KNIPMESBRAAI

Wat 'n onvergeetlike aand was dit nie! Op Saterdag 9 September het die manne, na afloop van die Montana 7's rugbytoernooi, bymekaar gekom vir 'n gesellige Knipmesbraai. Die aand was 'n fees van lekker kuier en heerlike kos. Daar was 'n lekker atmosfeer rondom die spitbraaie, terwyl die manne tussen die gesels deur, met hul knipmesse stukkies van die heerlike lam kon afsny.

Dankie aan almal wat die projek ondersteun het. Ons hoop dat dit 'n jaarlikse instelling sal word wat vriendskapsbande versterk, asook 'n spesiale geleentheid vir pa's en seuns.



MONTIEPRET

Wat 'n opwindende dag met HOPE PRET en plesier! Hierdie jaar se Montiepret het plaasgevind op Vrydag, 15 September, na afloop van die Groot G. Almal, leerders én personeel, het hulle gate uit geniet. Daar is 'n paar leerders wat aan hul bestuursvernuf sal moet werk voor die volgende Montiepret - die toeskouers moes hier en daar uit die pad spring vir 'n kaskar wat skielik op hul afpyl (ons sal ekstra klasse oorweeg). Die Montie-gees was tops en die Groot G op die pawiljoen hoendervleis-mooi! Die glybane was, soos altyd, `n groot wenner. Dankie aan elke Montie wat deelgeneem het en die personeel wat gehelp het en deel was van die pret en organisasie. Montiepret was 'n reusesukses!

Baie geluk aan huis Osmia wat die geesbeker gewen het. Huis Carnica se spanne het die meeste rondtes voltooi tydens die kaskarresies. Weereens DANKIE Monties!




BOSS
BOSS
BOSS
BOSS





BOEKKARAKTERDAG

23 April was Wêreldboekkarakterdag. Personeel en leerders kon soos hul gunsteling boekkarakter aantrek. Lapa-uitgewers het `n kompetisie geloods: die skool wie se leerders die beste kostuums aangetrek het, kon boeke vir die skoolbiblioteek, ter waarde van R3500, wen. Die kind met die oulikste kostuum kon boeke ter waarde van R1500, asook R1000 kontant, wen. As deel van hierdie inisiatief het die leerders ook bygedra tot die skool se koskas.





GEESWEEK-PRET

Die Monties se gees is hierdie jaar op 'n heel nuwe vlak – 'n vibrerende, aansteeklike energie wat elke hoekie van die skool vul. Van die klaskamers tot die sportvelde, en selfs op die verhoog, voel jy die hartklop van die Monties se onblusbare passie en trots. Hierdie gees het al vir menige hoendervleisoomblikke gesorg – oomblikke waar almal as een saamstaan, asof ons werklik 'n familie is.
Dis nie net die harde stemme wat skree en sing by byeenkomste nie, maar ook die manier waarop Monties mekaar ondersteun, aanmoedig, en onvoorwaardelik trots is op mekaar se suksesse. By elke kompetisie, wedstryd, kultuurvertoning, of selfs 'n gewone skooldag, is daar 'n gevoel van samehorigheid en 'n trots wat jou reg in die hart tref. Dit is 'n ware voorreg en 'n fees om 'n Montie te wees – deel van 'n skool waar geesdrif, passie en saamhorigheid 'n deel van lewe is. Wanneer die Monties saam sing of juig, is dit nie net 'n geluid nie, dit is 'n krag wat jou laat voel dat jy deel is van iets groots en besonders. Ons sê met trots: **Monties het gees** – en daardie gees strek tot diep in elkeen van ons se harte.





ALUMNI GHOLFDAG

Die tweede Alumni Gholfdag het Donderdag 28 September te Pebble Rock Gholfbaan plaasgevind. Dit was 'n lekker dag en weereens 'n groot sukses. Die 112 spelers het 'n geskenksakkie ontvang, geborg deur "Local Choice Pharmacy, MedValue". Die algehele wenners van die dag was Daniel Potgieter, Piet le Grange, Duart Spies en Marius Potgieter, wat die "Bones van der Linde Wisseltrofee" ontvang het. HS van der Linde, seun van mnr. Van der Linde het die trofee oorhandig.

Goeie, positiewe terugvoer is ontvang van die borge en spelers, en die Alumni Gholfdag sal beslis 'n jaarlikse instelling wees. Baie dankie aan elke borg en deelnemer - sonder julle ondersteuning sou die dag nie so groot sukses kon wees nie. Dankie ook aan elke Alumni-lid wat op watter wyse ook al betrokke was om die dag suksesvol te maak. Só maak ons nog 'n verskil tot voordeel van die Monties.



NASIONALE WETENSKAPDAG

MONTIES LIEF WETENSKAP! Daarom kan ons nie anders as om Nasionale Wetenskapdag met oorgawe te vier nie - sommer twee dae se Wetenskappret: 27 en 28 Februarie. Die Wetenskapdepartement het goeie spangees en het die pas aangegee in hul spandrag om vir almal te wys hulle is lief vir Wetenskap. Tydens die kompetisies is die Einsteins van die res geskei. Interessante vrae is aan die personeel en leerders gevra. Dag 1 se personeelvraag: *Wie se brein is die grootste per liggaamsmassa? `n Muis of 'n dolfyn?* Me. Nadia de Kock was die wenner - baie geluk! (Antwoord: muis 3,3% dolfyn 0,33%). Die vraag aan die voogklasse was: *Wat is die warmste? Weerlig of die oppervlakte van die son?* Graad 11D was die wenners - baie geluk! (Antwoord: weerlig 6 100℃; son 5 500 ℃). Dankie aan me. Herbert wat hierdie oulike vrae opgestel het.

Die Monties (personeel en leerders) kon Maandag tydens eerste pouse organe benoem en longe opblaas. Gedurende tweede pouse het die leerders verskillende goed geproe en moes tekstuur, kleur en wat dit is, raai.

Die huise se uitslae was as volg:

1ste - Carnica
2de - Fidelis
3de - Osmia
4de - Nobilis

Die bordkryt-canvas wat ook tydens pouse op die vierkant geteken was, se huise uitslae was soos volg:

1ste - Carnica
2de - Nobelis
3de - Fidelis
4de - Osmia

Baie dankie aan die Wetenskapdepartement vir julle entoesiasme en inisiatief om die Monties lief te HOU vir Wetenskap!



WISKUNDE PI-DAG

Wiskunde is vir baie van ons 'n uitdaging – net om daaraan te dink! Die uitgesoektes wat dit verstaan, kan nie verstaan wat óns nie verstaan nie! Gelukkig is daar in Montieland plek vir diegene wat Pi verstaan, asóók diegene wat eerder 'n *"pie"* in die kafeteria geniet. Vanjaar se uitdaging aan die leerders was weereens om 'n Rubic's cube in die vinnigste tyd reg te skuif. Na 3 uitdunrondtes van 8 leerders elk het Adriaan Nel in gr. 8 gewen, met 'n tyd van slegs 33.52 sekondes - ongelooflik! Stephan Maritz in gr. 9, verlede jaar se wenner, was kort op sy hakke.

Tydens tweede pouse het leerders geleentheid gekry om te kyk hoeveel *"pies"* hulle binne een minuut kon eet. Harries Timba en Miqual Frantzen het in die uitkloprondte teen mekaar meegeding toe hulle 2 pasteie binne een minuut verorber het. Harries Themba in graad 9 was die wenner en het daarna nog 3 *"pies"* binne 2 minute geëet. Die leerders kon ook aan 'n pi-scraper tekenkompetisie deelneem. Chanté Feldtman in graad 10 het gewen met 'n pragtige tekening van die pi-getalle. Wat 'n lekker dag om 3.1415926535 te kon vier!



BOK-VRYDAG! WANT ONS GLO IN DIE BOKKE

Monties het Bok-Vrydag gespaar vir die laaste, beste Vrydag - net voor die Wêreldbeker finaal, Vrydag 27 Oktober. Die Montie-gees was groot! Want ons het geweet: môre-aand skree ons ons stemme hees en gaan Suid-Afrika saam met die Bokke feesvier wanneer hulle die pragtige goue beker vir die vierde keer huis toe bring. Dis lekker om 'n Montie te wees en dis lekker om 'n trotse Suid-Afrikaner te wees. Wanneer ons speel, speel ons groot en wanneer ons werk, werk ons hard. Dankie vir julle lekker gees, Monties! **GO BOKKE!!!**



VLR-INHULDIGING

Die senior VLR-lede van 2024 het op 21 September, by 'n spesiale geleentheid, die Erekode van die VLR saam met hul ouers onderteken. Die Uitvoerende Komitee vir 2024 is daarna aangewys:

PRESIDENTE
Malan du Toit
Carla de Clerk

VISE-PRESIDENTE
Dunwan Brits
Schalk van Jaarsveld
Alex Meyer
Anika Barnard
Lané de Swardt
Gogontle Letshwene





Baie geluk elke VLR-lid en sterkte met die groot taak wat aan julle opgedra word. Mag die jaar wat voorlê 'n wonderlike ervaring wees waarin elkeen van julle groei tot die beste weergawe van jouself. Die Monties is trots op julle en sien uit na die impak wat julle gaan maak. Baie dankie aan die uittredende presidente, Ivaan Koltzow en Marika Taljaard, wat die septers aan die nuwe presidente oorhandig het en vir die mooi boodskappe aan die VLR-groep. Julle was waardige voorlopers.





VLR-KAMP

Die nuutverkose graad 11 VLR-lede het die skoolbanke vanaf 30 Augustus – 2 September verruil vir Zwartkloof kampterrein, waar hulle, as senior VLR van 2024, mekaar beter leer ken het en begin het met beplanning van die oriënteringsprogram vir die graad 8's in die nuwe jaar.

Nuwe vaardighede is aangeleer deur opwindende spanaktiwiteite en hulle het baie van mekaar en van hulself geleer. Daar is lekker gelag tydens die hope pret-aktiwiteite, maar daar was ook genoeg ernstiger aktiwiteite waar waardevolle lesse geleer is en karakter getoets is. Die kuier om die kampvuur was verseker 'n hoogtepunt. Die VLR-kamp was 'n groot sukses en ons kan met selfvertroue sê dat 2024 'n gedenkwaardige jaar gaan wees!



VLR-WINTERPROJEK

Die VLR se winterprojek is op 11 Mei van stapel gestuur, en dit was 'n bewys van die Monties se diepgewortelde omgee en medemenslikheid – nie net vir mense nie, maar ook vir diere in nood. Gedurende hierdie hartverwarmende inisiatief het die hele skoolgemeenskap saamgespan om donasies van hondekos, komberse, speelgoed en kontantbydraes in te samel. Die einddoel was duidelik: om die lewe van die diere by Pretoria Dog Rescue te verbeter en 'n tikkie warmte en liefde na hulle wêreld te bring. Die projek het nie net 'n indrukwekkende hoeveelheid skenkings opgelewer nie, maar het ook die ware gees van die Monties weerspieël – 'n gees van empatie, samewerking en die bereidwilligheid om 'n verskil te maak. Leerders wat hul sakgeld geskenk het, en ouers en personeel wat ruimhartige bydraes gemaak het, het gewys hoe die Monties as 'n gemeenskap hande vat vir 'n groter doel. Op die dag van die oorhandiging was dit duidelik dat hierdie gebaar veel meer was as net materiële hulp – dit was 'n boodskap van hoop en liefde aan diere wat dit die meeste nodig het. 'n Groot dankie aan elke persoon wat hierdie projek moontlik gemaak het. Julle omgee het nie net die diere se lewens verryk nie, maar ook getoon hoe diep die hart van die Monties klop vir diegene wat weerloos is.



LEIER KUIER

Die eksamen is verby en dit was tyd vir pret en plesier en 'n lekker leier-kuier! Die laerskole van die omliggende omgewing se nuutverkose leiers vir 2024 is genooi om te kom baljaar in die heerlik verhitte Montie-swembad. Speletjies is gespeel, waar die graad 6'e interaksie met die ander skole se leiers kon hê, en daar is lekker gelag. "Ching-chong-cha" is gespeel deur eiers, hoenders, arende, Supermans en uiteindelik BYTJIES! Dankie vir elke laerskoolleerder wat die kuier-oggend bygewoon het. Dit was lekker om julle by ons te ontvang en soveel pret te hê. Dankie aan die Montie-VLR wat gesorg het vir goeie tydverdryf, lekker musiek en heerlike boereworsrolle.



MONTIES KUIER BY HUL ALMA MATERS

Oud-Wonnies, -Poortjies en -Rosies, wat nou gelukkige Monties is, het by hul alma maters gaan kuier tydens hul onderskeie laerskole se kaskardae. Die Monties geniet sulke kuiers terdeë. Dankie dat ons by julle kon kuier!



kykNET - DIS MOS MONTIES!

DIE FANTASTIESE VERDWYNING VAN CHARLIE PRINS

Gedurende die Maart-vakansie is ’n opwindende KykNET-filmproduksie deur Green Planet Productions op ons skoolterrein verfilm. Van ons eie Monties het die geleentheid gehad om agtergrondrolle te vertolk. Hulle het saam met bekende akteurs en aktrises op stel verskyn en ’n unieke blik op die wêreld van rolprentvervaardiging gekry.

Die klanke van rolprenttoerusting en die aksie op stel het 'n gevoel van opgewondenheid deur die gange van die skool laat spoel. Dit was vir die Monties ongelooflik interessant om 'n kykie agter die skerms van die filmbedryf te kry en almal het besef dat dit wat ons sien in die eindproduk eers na menige *“en... action!’s”* tot stand kom.

Hierdie was die tweede film wat by ons skool verfilm is, en ons hoop dat daar in die toekoms nóg sulke geleenthede sal wees vir die Monties. Elke projek soos hierdie versterk die trots wat ons in ons skool koester en bevestig dat Hoërskool Montana ’n plek is waar drome, kreatiwiteit en talent ontmoet.



MONTIES OP DIE KASSIE

Drie van ons Monties het hul merk gemaak deur tot die Top 50 van die gesogte Maak my 'n Miljoenêr-kompetisie deur te dring – 'n prestasie wat hul kreatiwiteit, entrepreneuriese denke en deursettingsvermoë ten toon stel. Hierdie kompetisie, wat bekend is daarvoor dat dit jong mense inspireer om groot te droom en hul idees na die volgende vlak te neem, het 'n unieke geleentheid gebied vir ons leerders om te skitter. Die opwinding is verder aangevuur toe Albert van Wyk en sy Maak my 'n Miljoenêr-span die skool besoek het.

Die Monties was trots om die episode waarin Hoërskool Montana verskyn, te kyk op VIA kanaal 147. Baie geluk aan die betrokke leerders en wie weet - miskien is een van die Monties iewers in die toekoms 'n miljoenêr!



LAERSKOOLBESOEKE VOOR OPEDAG

Die Monties se bemarkingspan skep jaarliks groot opwinding wanneer hulle die laerskole besoek om die graad 7-leerders uit te nooi na ons Opedag. Die Monties oefen hard om tydens hierdie besoeke die ware Montie-energie en -entoesiasme oor te dra. Baie dankie dat die laerskole ons so goed ontvang en belangrike tyd afstaan om ons te akkommodeer. Ons waardeer dit opreg!




VANDAG
GLO DROOM WERK
HOËRSKOOL MONTANA
WERK

MOM'S NIGHT OUT SAAM MET NATANIËL

Die kaartjies was in 'n oogwink uitverkoop; 'n klinkklare bewys dat die dames Nataniël se stories wil hoor! Met aankoms het die dames sop en sjerrie geniet, en met groot verwagting die minute afgetel totdat hy sy verskyning sou maak. Nataniël het nie teleurgestel nie. Die dames het aan sy lippe gehang en met tye geskaterlag vir sy humoristiese sêgoed. Sommer gou was 75 minute verby en almal het vinnig bene gerek en iets te drinke gekry. Daarna is 'n paar rondtes Bingo gespeel, wat net soveel pret was. Tussendeur was daar gelukkige prystrekkings met lekker pryse, geborg deur Afriforum Teater, Zabellas, Ietznietz Laser Cutting, Vat dit kalm en 'n lekker groot prys by Castle de Wildt, geborg deur Gys Pitzer Motors. Dankie aan Chandré Oosthuizen (van Berrol & Merrol) wat die program vir die aand gelei het – jy het pragtig gelyk in jou 'pienk ontploffing'! Die eerste "Mom's night out" was 'n reusesukses. Baie dankie aan almal wat dit bygewoon het. Volgende jaar maak ons beslis weer so!



MONTIES GEE OM

WÊRELDBIDDAG VIR VROUE

Ongeveer vyftig dames het Vrydagoggend 3 Maart om 06:30 in die skoolsaal bymekaargekom om saam met vroue regoor die wêreld te bid. Die byeenkoms is gelei deur een van die skool se "bid-mammas", Isabel van Zyl. Dankie vir jou praktiese voorbeelde sodat ons maklik kan onthou: eerstens dat ons die koninkryk moet SOEK soos ons na iets waardevols sal soek, en dat ons nie moet óphou soek nie, maar elke dag sal aanhou soek na Sy koninkryk. Wanneer ons Hom eerste plaas, sal alles verder in ons lewens in plek val. Tweedens, dat Jesus die Heilige Gees by ons gelos het om ons te help, te vertroos, raad te gee en vir ons in te staan. Ons gryp na allerhande goed om ons te troos, maar dis net tydelik of gedeeltelik. Isabel se voorbeeld van waslappies, 'n handdoek en 'n "comforter" was so mooi en prakties. Hy wil ons hééltemal toevou, nie net hier en daar stukkies van ons lewe toemaak nie. Derdens het sy ons herinner dat ons geloof moet hê! Dis nie nodig vir buitengewone geloof nie - soveel soos 'n mosterdsaadjie is genoeg! - om al die berge in ons lewens te skuif. Na afloop van die boodskap het die dames in 'n kring gebid. Ons gaan op ons knieë voor die Here sodat Hy vir ons kan staan. We fight battles He has already won. Kom ons hou ons fokus op Hom en gee Hom kans om te doen wat nét Hy kan! Dit was 'n baie geseënde oggend. Dankie vir elkeen wat opgedaag het.



MONTIES SÊ DANKIE AAN VERPLEEGSTERS

12 Mei was Nasionale Verpleegsterdag. Die Monties het vir al die verpleegsters en aflos-verpleegsters van Montana Hospitaal 'n bederfpakkie geneem as 'n klein blyk van waardering vir hulle harde werk om mense se lewens beter te maak. Dankie Montana Hospitaal, die gemeenskap waardeer julle!



HEMELVAARTDAG

Pastoor Carlos Coveiro het op 18 Mei, Hemelvaartdag, 'n baie treffende boodskap met die Monties gedeel. Na Sy opstanding het Jesus, na 40 dae op aarde, opgevaar na die hemel. Wanneer ons Hom erken as Verlosser en in verhouding met Hom leef, kan ons verseker weet dat wanneer ons ons asem op aarde uitblaas, ons ook, soos Hy, in gees sal opvaar na die hemel - vir altyd. Hierdie dag is 'n dag van hoop. Ballonne is simbolies losgelaat ter viering van Jesus wat opgevaar het om vir ons plek gereed te maak en ook omdat ons weet dat, indien ons harte en verhouding met die Here reg is, ons ook sal "opvaar" hemel toe.



GROOT GEE & SKOOL MET DIE GROOTSTE GEES

Die Monties het besluit om hierdie jaar GROOT te gaan! Op 31 Julie 2023 skop die Skool met die Grootste Gees-projek af. Ons fokus is op die GEE en al vier huise begin 'n interne kompetisie met die insameling van verskeie produkte, onder andere klere, komberse, skoonmaakmiddels en nie-bederfbare voedsel. Leerders het behoorlik hul huise leeggemaak en ontslae geraak van die wit olifante om die Groot G se items aan te vul en 'n verskil te maak in ander se lewens, wat minder het as ons. Sakke en bokse vol items is van die huise gebring en 'n vraghouer het stadig, maar seker, voller geword.

Tot en met 14 September is daar weekliks kompetisie gehou tussen die huise om te kyk wie die Monties Gee Om-trofeewenner van 2023 gaan wees. Die kompetisiefaktor is lewendig gehou met weeklikse terugvoer oor die vorige week se wenhuis en dié huis se vlag is gehys by die aantreeblad. Die wenners vir elke week onderskeidelik was soos volg:

Week 1 – Nobilis
Week 2 – Carnica
Week 3 – Osmia
Week 4 – Fidelis

Die bestuur het, ten spyte van 'n propvol program, tye geskeduleer waarin die Monties kon oefen om vir Gys hulle gees te wys. Vroeg, baie vroeg, Vrydag 15 September, was die rugbyveld behoorlik 'n bynes van aktiwiteite. GrootFM het voor sonop reeds begin opstel vir die direkte uitsending. Die Montie-personeel was van baie vroeg af by die skool om teen 06:00 gereed te wees om die Montie-leerders se hande te verf en tattoos van hul huiswapen op hul wange aan te bring. Teen 07:00 was die Monties op die pawiljoen, slaggereed!

Die volgende 45 minute was onbeskryflik! Gees, adrenalien, trots en GROOT pret! Monties, julle was ongelooflik! Daar is geen twyfel nie: die Monties hét GEES! En al is die Monties in 4 huise verdeel, weet hulle hoe om as 'n trotse eenheid te funksioneer. Dankie vir elke bydrae. Dankie vir die huishoofde wat die pakkies ontvang en getel het en aanhou motiveer het. Maar veral DANKIE vir elke personeellid en elke leerder wat deel was van 'n hoendervleis-geeswys. Die Monties het altesaam 15 430 items ingesamel vir Tshwane North Outreach. Dit het 'n groot verskil gemaak en hulle was ongelooflik dankbaar vir elke bydrae.

Die Monties Gee Om-wenner vir 2023 was Huis Osmia, wat dit vir die derde jaar in 'n ry wen! Julle het voorwaar omgee-harte! Baie geluk!

Dit het egter nie hier geëindig nie, want GrootFM het op 13 Oktober die skool kom verras met 'n aankondiging wat elke Montie hart warm laat klop het: **ons word aangewys as die hoërskoolwenner vir die Skool met die GROOTste Gees 2023!** Dit was weereens 'n ongelooflike oggend en heerlike verrassing! Charonike Nel en Ruben Delmage van GrootFM het oor die interkom afgekondig dat die leerders pawiljoen toe moes gaan. GROOTfm 90.5, Gys Pitzer, Immunadue, Dream Hotels & Resorts, Laser Adventures en Enslin & Associates, asook Steers en Powered Flight het vir baie opwinding gesorg, van 'n helikopter en Die Piesangskille, wat die Monties vermaak het.

Baie dankie Monties, vir julle GROOT harte. Monties se Groot G was 'n GROOT SUKSES.
Ons sê DANKIE, DANKIE DANKIE!

Want dis is deur te G wat ons ontvang!




GAAN GROOT
GAAN GROOT
GAAN GROOT
GAAN GROOT
METRO FM
METRO FM
METRO FM



LOSLITDAG EN BLOEDSKENK

Ons jaarlikse Loslitdag was op 1 September 2023 met 'Not one without the other' as tema. Die Monties was omtrent kreatief met hul uitrustings: salt & pepper, ouma & oupa, Kit & Kat, cowboys & crooks... Tydens pouse kon hul deelneem aan die "Best Dressed"-kompetisie. Baie geluk aan Tristan Herholdt en Nathan van Staden, "Titanic and the Iceberg", wat as wenners aangewys is. Tussen die pret deur het die Monties ook 'n wesenlike verskil gemaak deur bloed te skenk. Die organisasies wat ons hierdie jaar ondersteun het, was Sinoville Krisissentrum, die Junior Stadsraad se Kreefdag en ook ons eie Koskasprojek. Baie dankie vir elkeen wat deelgeneem het!



MONTIE-UITREIK NA SINOVILLE KRISISSENTRUM

Die graad 10 VLR-lede wat in beheer was van Loslitdag, het op 23 Oktober 2023 'n uitreik gehad na Sinoville Krisissentrum. Hoewel hulle gegaan het om dáár 'n verskil te gaan maak, is húlle met aankoms bederf met 'n worsbroodjie en koeldrank, voor hulle aan die werk gespring het om die tuin op te knap. Die leerders het saailinge saamgeneem om die tuin te verfraai. Vele hande maak ligte werk en die sentrum se tuin het binne 'n kort tydjie 'n nuwe, kleurvolle baadjie aangetrek. Dankie vir julle tyd en pragtige gesindheid om deur iets kleins 'n groot verskil te maak. *Want dit is deur te gee wat ons ontvang!*



NETBAL MANDJIEDANS

Monties netbal het inisiatief aan die dag gelê om ‘n mandjiedans te hou as fondsinsamelingsprojek om die kostes van die netbaltoere minder te maak. Dit het by die pragtige Lavender Kontreimark plaasgevind en almal wat dit bygewoon het, het die dag baie geniet. Daar is heerlik saamgekuier en mense kon smul aan die lekkerste potjiekos. Baie dankie aan LKM vir die beskikbaarstelling van hul fasiliteite.





DIE MONTIES VIER ERFENISDAG

Monties is trotse landsburgers. Almal het die geleentheid aangegryp om op Vrydag 22 September Trots Suid-Afrikaans aan te trek. Die prentjie tydens aantrede was so mooi kleurvol! Die landsvlag is gehys en die Monties het die volkslied saamgesing. Dankie vir die goeie gees waarin ons saam ons erfenis kon vier. Mag die Monties 'n voorbeeld wees van respek vir mekaar.





LAERSKOLE ATLETIEKDAG

Die heel eerste Laerskole Noord van die Bergbyeenkoms was ’n hoogtepunt op die kalender – ’n dag gevul met opwinding, energie en die belofte van groot talent wat nog gaan ontvou. Laerskool Magalieskruin, Laerskool Wonderboom, Laerskool Danie Malan en Laerskool Stephanus Roos het kragte gemeet en die geesdrif van die jong atlete was duidelik sigbaar. Die gejuig van ondersteuners en die trots van onderwysers en ouers het saamgespan om ’n feestelike atmosfeer te skep. Elke wedloop, sprong en gooi het getuig van harde werk en toewyding, terwyl deelnemers hul alles gegee het vir daardie oomblik van glorie. Daar was moedelose pogings, oorwinnings met breë glimlagte, en selfs hartroerende oomblikke van sportmanskap en spanwerk. Hierdie jong sterre het nie net hul eie potensiaal ten toon gestel nie, maar ook gewys hoe sport grense oorbrug en gemeenskappe verenig. Die dag was ’n reusesukses – nie net in terme van organisasie nie, maar ook as ’n geleentheid om die atletiektalent van môre te ontdek en te vier. Elke deelnemer, of hulle nou op die podium gestaan het of nie, het ’n storie van vasberadenheid en moed vertel. Ons hou die toekoms met verwagting dop, want hierdie jong atlete het gewys dat hulle die sterre van môre is, gereed om hoogtes te bereik en trots te maak.





Imagine
Dare
Expand
Achieve

NUUT IN MONTIELAND

GLO EN WERK

SNAP BESIGHEIDSIMULASIEKOMPETISIE

Hoërskool Montana het op Donderdag, 28 September, vir die eerste keer deelgeneem aan die landswye SNAP Besigheidsimulasiekompetisie, geborg deur MentorVennoot en die Afrikaanse Onderwys Netwerk, en aangebied deur IMPACT Financial Training Academy. Hierdie simulasiekompetisie word ook in die korporatiewe wêreld en onder universiteitstudente aangebied.

Die doel van die SNAPspel is om die leerders blootstelling te gee aan 'n interaktiewe leerervaring, waar die gevolge van hulle besigheidsbesluite in finansiële terme gemeet kan word.

Die lesse wat in die simulasie-speletjie geleer word, byvoorbeeld markanalise, prysbeleid, personeel- en kliëntetevredenheid en die optimale gebruik van hulpbronne, word deurgetrek word na entrepreneurskap - wat verg dit om 'n suksesvolle en finansieël-gesonde besigheid te bedryf?

'n Groep van 24 graad 11-leerders uit die Besigheidstudies-, Ekonomie- en Rekeningkundeklasse het in vier spanne teen mekaar gekompeteer. Hul moes die bestuur van 'n sukkelende lugredery oorneem ten einde maksimum wins te behaal vir hul aandeelhouers.

Die span met die hoogste wins na drie rondtes, tree dan as wenners uit die stryd. Baie geluk aan die wenspan wat die ander in die heel laaste rondte ore aangesit het. Die spanlede was: Joela du Toit, Teagan Dean, Neleh Bezuidenhout, Zanelle van der Westhuizen, Kiane Potgieter en Swade van Zyl.

Die skool eindig as 'n geheel in die top 5 skole vir die 2023-kompetisie. Welgedaan Monties, dit is uitstekend vir 'n eerste blootstelling aan die kompetisie – ons sien reeds uit na volgende jaar!

Ons vertrou dat elke leerder so tussen die kopkrap en baie debattering die spel geniet het, heelwat geleer het en ook opnuut 'n groot respek ontwikkel het vir entrepreneurs wat daagliks hul eie ondernemings suksesvol bestuur.

Elke deelnemer ontvang 'n sertifikaat van deelname, asook pryse ter waarde van R935. Pryse sluit in 'n gratis e-kopie van Albert van Wyk se topverkoper “Millionaire@22”, asook 'n gratis inskrywing vir Albert van Wyk se aanlyn entrepreneurskapskursus – definitief 'n MOET lees en doen.





Imagine
Dare
Expand
Achieve

PERSONEEL

GLO EN WERK

BASEDAG

BAIE DANKIE, BESTUURSPAN

Maandag, 16 Oktober, was Basedag. Me. Carina Coetzee het die Bestuurspan vroegoggend in die personeelkamer gelukgewens en bedank vir hul ongelooflike werk by Hoërskool Montana. Elkeen se "superpowers" as deel van die span is in 'n baie oulike video saamgevat. Elke "baas" het 'n geskenksakkie ontvang as 'n klein blyk van waardering vir 'n reusewerk. Hulle is ook tweede pouse bederf met 'n heerlike bord kos. Om te lei, lyk op die oog af maklik, maar nie almal besef watter besluite diegene aan die voorpunt moet neem nie. Soms moet die rigting verander word om moontlike gevare te vermy. Dit lyk dikwels of die leier gemaklik en rustig is, maar niemand besef wat "onder die water" aangaan nie. Dankie dat julle die Monties so goed lei. Dit is maklik om in julle stroom te volg.

Gelukkige Basedag!



ONDERWYSERSDAG

GELUKKIGE ONDERWYSERSDAG

Ons eer die onderwysers van Hoërskool Montana – ware verskilmakers! Dankie dat julle nie net die Monties se akademiese kennis verbreed nie, maar terselfdertyd ook harte aanraak en 'n impak maak wat leerders se lewens verander. Dankie dat julle vir die Monties hoop gee en hulle laat glo in hulself. Julle invloed maak baie drome waar. Mag julle weet dat julle is waar julle moet wees om die kosbare Monties se lewens te verander. Ons waard**ee**r julle opreg.

Gelukkige Onderwysersdag!



SEKRETARESSEDAG

GELUKKIGE SEKRETARESSEDAG - 6 SEPTEMBER

"Imagine" 'n skool sonder administratiewe dames...
"Imagine" Hoërskool Montana sonder die béste administratiewe dames!
Dankie aan die Montie-sekretaresses wat alles in Montieland "agter die skerms" vlot laat verloop. Slegs iemand wat 'n paar tree in julle voetspore geloop het, weet wat "skoolsekretaresse" werklik behels. 'n Groot dankie aan elkeen van julle! Julle verrig jul taak met toewyding en passie, en saam maak julle 'n reuseverskil. Ons waardeer en is trots op julle!
"Excellence is doing ordinary things extraordinarily well."

Gelukkige Sekretaressedag!



PERSONEEL PRESTEER

MNR. ADENDORFF EN GESIN PAK DIE MIDMARMYL AAN



MNR. MICHAEL ADENDORFF

Die 50ste Midmar Myl het 12-13 Februarie te Pietermaritzburg plaasgevind. Mnr. Adendorff en sy gesin het die gesogte 1,6km-uitdaging aangepak en suksesvol voltooi. Baie geluk met die pragtige prestasie! Montie-onnies stáp nie net die ekstra myl nie, maar swem dit ook!

TRANS-BAVIAANS TRIOMF: MNR. MARTIN SMIT



MNR. MARTIN SMIT

Die Monties is trots op mnr. Martin Smit en sy spanmaat vir hul ongelooflike prestasie by die Trans-Baviaans-wedloop wat 12 Augustus te Willowmore plaasgevind het. Uit meer as 900 fietsryers wat aan hierdie uitdagende wedloop deelgeneem het, het sy span algeheel 32ste en 33ste geëindig. Hulle was ook die sewende beste in hul ouderdomsgroep! Welgedaan! Dit is 'n prestasie om trots op te wees.

JUF. DAVERIN INGESLUIT IN GAUTENG-NOORD NETBALSPAN



ME. XHANTHE DAVERIN

Juf. Xhanthe Daverin het in 2022 gekwalifiseer om Gauteng-Noord te verteenwoordig by die SA Binnenshuise Netbal Interprovinsiale-toernooi wat vanaf 13-18 Maart plaasgevind het.

Baie geluk met die uitstekende prestasie, Xhanthe. Die Monties is trots op jou.

MONTIE-ONNIE "IMAGINE" EN WORD SA-KAMPIOEN



ME. SANDRA SARAIVA

Op 9 Januarie het juf. Sandra Saraiva die volgende in haar dagboek aangeteken: "Imagine ek wen Saterdag..." - sy sou Saterdag 14 Januarie aan die Gauteng Karatekampioenskappe deelgeneem het. Sy was daardie Saterdag inderdaad wenner in haar kategorie. Sy het verder gedroom en dit wéér neergeskryf: "Imagine ek wen Gauteng die 18de Februarie 2023". Aan die einde van dié kampioenskappe wat op 18 Februarie plaasgevind het, was sy weereens die wenner en Gauteng-kampioen. Juf. Saraiva se droom het bly groei: "Imagine ek wen SA's die 4de Maart 2023!!" Die Karate Suid-Afrika(KSA) Nasionale Kampioenskappe het die naweek van 3-5 Maart in die Kaap plaasgevind. Raai wat? Juffrou Saraiva se droom het weereens waar geword en sy is gekroon as SA-Kampioen (alle style). Baie geluk - ons is so trots op jou. Dankie vir die voorbeeld wat jy stel en dat jy inkoop in die Monties se DROOM-tema van die jaar, dankie dat jy "imagine"! Mag jou drome aanhou waar word.

ONS EIE SA LEGEND - COACH MULLER



MNR. JACQUES MULLER

Coach Jacques Muller is gekies vir die rugby "SA Legends"-span, wat in November gaan deelneem het aan die "35th Annual World Rugby Classic" in Bermuda. Dit is 'n welverdiende erkenning. Baie geluk coach Muller! Jou toewyding en harde werk het duidelik vrugte afgewerp. Jy is 'n inspirasie vir die Monties en ons is trots op jou!

TWEE MONTIE NETBALAFRIGTERS IN NETBAL D3 UITVOERENDE KOMITEE



MNR. JJ DIAMOND

D3 Netbal - Ondervoorsitter



ME. MARICA VAN HEERDEN

D3 Netbal - Koördineerder

Baie geluk met jul verkiesing tot die Uitvoerende Komitee van Netbal D3-distrik, as ondervoorsitter en koördineerder. Monties is bevoorreg!

MNR. BOSHOFF GEKIES AS SAMEROEPER BY TITANS



MNR. JURIE BOSHOFF

Baie geluk aan mnr. Jurie Boshoff wat gekies is as Sameroeper van die 0/15-keurders by die Titans-proewe. Ons is bevoorreg om jou as krieketorganiseerder en -afrigter by Hoërskool Montana te hê.

DIE HOOF SE VERJAARSDAG

Omdat die hoof so laat in die jaar verjaar, 13 Desember, en die skool dan reeds gesluit het, is sy verjaardag in 'paaiemente' gevier. Die personeel het Mnr. Botha se verjaarsdag saam met hom gevier tydens die personeel se jaarafsluiting en die VLR het namens die leerders vir hom en me. Botha 'n spesiale ete op die balkon van die krieketsentrum voorgesit. Baie geluk met mnr. se verjaarsdag! Die Monties se wens is dat die jaar wat voorlê mnr. se grootste verwagtinge en drome sal oortref. Mag die nuwe lewensjaar geseën wees in oorvloed.



ONS GROET

MONICA HERBERT



Dit is nooit maklik om afskeid te neem van 'n ware onderwyser en opvoeder wat die onderwysberoep verlaat nie. Na 23 jaar as 'n toegewyde opvoedkundige, tree me. Monica Herbert uit as onderwyser. Sy is sedert 2007 deel van die Montie-familie en was deel van hierdie pragtige skool se ontwikkeling en groei.

Jou gelyke as kollega en vriendin sal moeilik te vind wees. Jy sal onthou word vir jou buitengewone taalvaardighede, skerp gees en lojale karakter. Die vele Monties wat by haar klas gehad het oor die jare, sal getuig watter groot impak juffrou Herbert op hul opvoeding gehad het. Jy het aan elke leerder gewys hoe 'n positiewe ingesteldheid teenoor enige situasie jou kan help om 'n vol lewe te lei.

Monica, jy het 'n onuitwisbare verskil gemaak in die lewens van soveel kinders, veral wanneer hulle dit die meeste nodig gehad het. Jy het gewys dat dit nie altyd groot dade verg om 'n diep impak op iemand se lewe te maak nie.

Jou departementslede het waardeer hoe jy gereeld vrywillig jou hulp aangebied het met enige iets, maar veral die ontelbare vertalings wat jy vir die departement gedoen het.

Die Monties eer jou. Jy het 'n ondankbare taak aangepak, soms belaai met onnodige druk en uitdagings. Maar jy het altyd bankvas gestaan en elke taak, sonder om te kla, aangepak en onverwyld voltooi. Jou arbeid is saad wat in die jare en dekades wat kom, mooi vrug sal lewer. Dit is duidelik wanneer ons kyk na die sukses van die kinders wat deur jou begelei is. Jou beloning lê nie op aardse vlak nie.

Ons sal almal jou glimlag en belangstelling mis. Jou raad, jou bydrae en jou mentorskap sal vir ewig onthou word.

Beste wense vir 'n geseënde aftrede en geniet die nuwe avontuur wat voorlê.

"Die Here sal jou seën en jou beskerm, die Here sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees; die Here sal sy aangesig na jou toe wend en vir jou vrede gee." (Numeri 6:24-26)

ZACH DE BEER



Na 38 jaar van onwrikbare toewyding aan die onderwys, neem ons met ‘n swaar gemoed afskeid van Mnr. Z de Beer, ‘n ware steunpilaar van Hoërskool Montana. Sy loopbaan het in 1985 by Hoërskool Wonderboom afgeskop en in 2002 ‘n nuwe hoogtepunt bereik toe hy as Departementshoof van Opvoedkundige Leiding by Hoërskool Akasia aangestel is. In 2006 het ons die voorreg gehad om hom in ons midde te verwelkom, waar hy as Departementshoof van Opvoedkundige Leiding ‘n onuitwisbare impak op ons skoolgemeenskap gehad het.

Met passie en toewyding het hy Lewensoriëntering aan leerders van graad 8 tot 12 aangebied, wat ‘n diepgaande bydrae gelewer het tot die vorming van hul karakter en lewensvaardighede. Onder sy leiding is die skool se hulpdienste uitgebrei en versterk, wat die holistiese welstand en sukses van leerders ten doel gehad het. Deur sy visie en betrokkenheid by die loopbaanskou het hy talle jongmense geïnspireer en voorberei om met selfvertroue hul toekoms tegemoet te gaan.

Mnr. de Beer se liefde vir sport het sy hele loopbaan gekenmerk en sy nalatenskap in die sportgemeenskap van Hoërskool Montana is onmiskenbaar. As atletiekafrigter het hy veral in naellope en hekkies uitgeblink,terwyl sy passie vir rugby hom ‘n mentor en rolmodel vir spanne van 0/14 tot die eerstespan gemaak het. Onder sy leiding het spanne nie net ligas gewen nie, maar ook vier keer deurgedring tot die stadsbeker finale. Die hoogtepunt van sy rugbyloopbaan was in 2007, toe sy span nie net die stadsbeker verower het nie, maar ook deurgedring het tot die kwartfinaal van die Beeldtrofee (nou die Virsekerbeker). Verskeie van sy spelers is gekies vir Bloubulspanne, met sommige wat selfs die junior Springbok- en nasionale Springbokspan verteenwoordig het – ‘n bewys van sy onblusbare toewyding en uitsonderlike afrigting.

Mnr. de Beer was meer as net ‘n onderwyser; hy was ‘n mentor, ‘n leier en ‘n bron van inspirasie. Hy het nie net kennis oorgedra nie, maar leerders voorberei vir die uitdagings van die lewe. Sy integriteit, wysheid en onwrikbare passie vir onderwys sal nog lank in die harte van sy kollegas, leerders en die wyer gemeenskap voortleef.

Hy was geliefd onder leerders en kollegas en hy sal vir baie jare onthou word en gemis word deur die Monties. Geniet die nuwe lewenseisoen. Ons wens jou alles van die beste toe vir die toekoms.

RENTIA OOSTHUIZEN



Me. Rentia Oosthuizen het in 2007 by Hoërskool Montana begin en het in die daaropvolgende 16 jaar 'n kardinale rol gespeel in die finansiële kantoor. Sy het met ywer en toewyding haar verantwoordelikhede nagekom, was altyd streng wanneer dit by uitgawes gekom het, maar ook altyd regverdig en pligsgetrou in haar werk. Sy kon kop hou tussen die warboel "vakatures" (fakture) wat gewoonlik dringend betaal moes word (sogenaamde "goue betalings"). "Tannie Kwaai", soos sommige kollegas haar genoem het, het die finansiële kantoor met 'n ferm ysterhand regeer, maar tog was sy báie geliefd onder alle personeel.

Rentia se liefde vir tuinmaak was geen geheim nie. Haar groen vingers het altyd 'n besondere warmte en skoonheid aan die skoolomgewing verleen en was duidelik sigbaar in die potte vol pragtige blomme voor haar kantoor. Jy kon duidelik sien waar haar hand in die skool se tuin was.

Sy is baie lief vir haar gesin en sy het graag interessante staaltjies vertel oor hul avonture. Dit was lékker om na Rentia se stories te luister!

Met jou aftrede wil ons jou bedank vir jare se toegewyde diens en die manier waarop jy die boekhouding van Hoërskool Montana hanteer het. Dankie vir jou akkurate werk en die manier hoe jy met almal omgegaan het. Jou teenwoordigheid sal gemis word, en jou nalatenskap sal nog lank voortleef in die hart van Hoërskool Montana.

Mag hierdie nuwe hoofstuk in jou lewe gevul wees met arms vol vars grond, plante wat floreer, lekker lang kuiers by die kinders, kleinkinders en vriende, genoeg rus, vreugde, vrede en baie nuwe avonture.

Dankie vir die diep spore wat jy nalaat in Montieland. Ons sal jou baie mis!

LOUIS BUYS



Mnr. Louis Buys het in 2011 by Hoërskool Montana aangesluit as Tegnologie-onderwyser vir die junior grade en IGO en Siviele Tegnologie vir die senior grade. Die oud-Gallies was baie bly om hul geliefde laerskoolmeneer weer in die hoërskool raak te loop. Mnr. Buys was baie geliefd onder leerders, sowel as kollegas en het oor die afgelope 12 jaar 'n waardevolle bydrae tot ons skoolgemeenskap gelewer.

As onderwyser, skoolfotograaf en selfs busbestuurder, het hy elke taak met ywer en toewyding aangepak. Sy hartlike geaardheid en bereidwilligheid om altyd te help, het hom 'n gewilde lid van die Montana-familie gemaak. Wanneer iemand hom wou bedank vir sy hulp, was dit maklik - ietsie te ete of drinke het sy hart bly gemaak. Met sy fyn sin vir humor het hy vergaderings en gesprekke ligter gemaak en ons sal hom daarvoor onthou.

Mnr. Buys se liefde vir fotografie en die puik kwaliteit van sy werk, het hom gekwalifiseer as die skool se fotograaf. Hy was getrou op sy pos by welke funksies en byeenkomste. Sy liefde vir voëltjies en vliegtuie het hom nog meer spesiaal gemaak en sal deur almal wat hom ken, onthou word.

Met jou aftrede wil ons jou bedank vir die jare van diens, toewyding en omgee vir die Monties. Jy laat 'n onuitwisbare spoor by Hoërskool Montana en jy sal altyd deel wees van ons. Mag jou aftrede gevul wees met goeie gesondheid, vreugde en voorspoed, en hope nuwe avonture. Die Monties gaan jou baie mis. Mooi loop.

DIE VOLGENDE PERSONEEL VERLAAT ONS OOK

Baie dankie vir julle insette en harde werk by Hoërskool Montana. Ons wens julle alles van die beste toe vir julle toekoms. Mag julle pad vorentoe voorspoedig en geseënd wees.



ME. CHENE DE FREITAS



ME. AMÉ DU TOIT



ME. MONA JONKER



ME. HANRI MEYER



ME. MELANIE MOMBERG



ME. CHARNÉ RADEMEYER



ME. ANNEKE SMIT



ME. LARA POTGIETER



ME. LISA VAN JAARSVELD

NUWE PERSONEEL

Hartlik welkom aan die volgende persone wat hierdie jaar by die Montiekorf aangesluit het. Ons hoop dat julle vinnig tuis sal voel en werksvreugde hier sal ervaar.



MARISCA CRAIG
ENGELS FAL GR. 8-10



CHENE DE FREITAS
ENG. HL GR. 8 & 9; FAL GR. 8



CHANÉ FOURIE
AFRIKAANS HT GR. 8



CHANELLE FERNANDES
EBW GR. 8



LELANIE LOURENS
AFRIKAANS HT & EAT GR. 8



DEBORAH STRYDOM
BESIGHEIDSTUDIES GR. 9 & 10



CHANTÉ VISSER
AFRIKAANS GR. 9 & 10



MARICA VAN HEERDEN
NETBALADMINISTRASIE

IN MEMORIAM



Die Monties het hierdie jaar van ‘n baie geliefde onderwyseres afskeid geneem. Me. Riana Diedericks is op 12 Junie 2023, na ‘n lang en moedige stryd teen kanker oorlede. Sy was ’n uitstekende Wiskunde-onderwyseres wat sedert 2008 by Hoërskool Montana werksaam was.

Riana was ’n besondere mens wat ander met haar dapperheid en sterk geloof geïnspireer het, veral gedurende die afgelope paar jaar tydens haar siekte. Sy was altyd positief, al was sy baie siek. Riana was geliefd onder kollegas, leerders en ouers en was ‘n uiters bekwame onderwyseres, wat die ekstra myl gestap het oral waar sy betrokke was.

Dis vir die Monties ‘n geweldige verlies en ons harte is baie seer. Ons dra haar man en seuntjie, haar ouers, familie en vriende op aan ons Hemelse Vader.

Riana laat diep spore agter in baie harte en ons eer haar nagedagtenis.

Ons sal haar altyd onthou.





Imagine
Dare
Expand
Achieve

MATRIEKS

GLO EN WERK

MATRIEKAFSKEID

Maande lank is daar gedroom en beplan aan elke stukkie detail vir die perfekte matriekafskeid. Op die aand van 14 Oktober het daardie droom vir baie matrieks ‘n werklikheid geword. Die pragtige funksie, wat by die elegante Colosseum Reale gehou is, was eenvoudig magies. Van die oomblik dat die gaste aangekom het, geklee in asemrowende rokke en stylvolle pakke, was die atmosfeer gevul met opgewondenheid en afwagting. Die lokaal, versier met glinsterende ligte en luukse dekor, het die perfekte agtergrond geskep vir 'n viering van styl, elegansie en die afsluiting van ’n merkwaardige skoolloopbaan. Dit was ’n aand vol lag, herinneringe en opregte afskeide—’n ware hoogtepunt van jare se harde werk en gekoesterde vriendskappe.























MATRIEKS 2023 IN 2019

Hulle het in 2019 arriveer as Matrosies - oorweldig, onseker, bang en vreemd. In die jare daarna het die einste Matrosies 'n metamorfose ondergaan. Hulle het ontdek wie hulle regtig is, geleer en gegroei tot selfversekerde jong volwassenes - gereed om die volgende hoofstuk van jhulle lewens aan te pak.
Hier is 'n kort "trip down memory lane"...



GRAAD 12 2023 SE LAASTE AANTREDE

Vrydag 19 Oktober was 'n dag waarin vele emosies deur die matrieks beleef is - min of meer dieselfde warboel emosies as 5 jaar gelede toe hulle as klein graad 8'ies by die hoërskool ingestap het. Marika en Ivaan het vir oulaas op gepaste wyse voor die hele skool geopen. Daarna het die matrieks per voogklas voor die res van die skool verbygeloop - net soos aan die begin van hul graad 8-jaar. Voogonderwysers het vir elke matrikulant 'n geskenk van die skool oorhandig. Ivaan het vir oulaas 'n kreet geskree saam met die Monties, wat verseker vir baie ver gehoor kon word! Welgedaan, klas van 2023. Hierdie hoofstuk is byna verby. Ons wens julle alles van die beste toe om GOED klaar te maak sodat julle jul drome kan najaag. Sterkte, die Monties sal julle mis!



GRAAD 12'S SE LAASTE SKOOLDAG

Die matriekklas van 2023 behoort Vrydag 19 Oktober 2023 nog vir lank te onthou. Dit was hul laaste skooldag - ooit. Hoofleiers Marika en Ivaan het vir die laaste keer voor die hele skool geopen en die trane het tóé al gevloei. Die gr.12-klasse het klas vir klas voor die res van die skool verbygeloop (net soos hul in graad 8 ook gedoen het) en elke matrikulant het 'n geskenk van die skool by hul voogonderwyser ontvang. Nóg trane! Voor almal verdaag het, het Ivaan vir oulaas die hoendervleis-kreet gelei. Sowaar nóg trane! Die matrieks het in die E-saal bymekaargekom, waar me. Pauline de Wet die eksamenleviete vir hul voorgelees het, en afgesluit met haar gedugte raad: Make wise choices! Mnr. Botha het die groep gemotiveer vir die eksamen en voorspoed toegewens vir hul toekoms. As graad 8's het hul 5 jaar terug drome en verwagtinge op hul tydkapsulebriefies neergeskryf. Terwyl díé briefies begrawe was, het hulle geleentheid gehad om aan daardie drome en verwagtinge te werk. 'n Paar leerders se briefies is uit die Tydkapsule gehaal en voorgelees. Daar is lekker gelag vir 'n paar, want Wiskunde was toe níé meer 'n gunsteling vak vir party matrieks nie! 'n Video met 'n paar oomblikke van hul eerste week in graad 8 en hul laaste week in graad 12 is gespeel – 'n lekker "trip down memory lane". 'n Baie brawe graad 1-Gallie, Lia Jooste, het spesiaal kom kuier om die matrieks voorspoed toe te wens met die eksamen. Baie dankie, Lia – jy het so goed voorberei en ons is trots op jou. Mnr. Carlos Coveiro het die graad 12's ook sterkte toegewens vir die eksamen en aan die matrieks én hul ouers wyse raad gegee vir die eksamen en toekoms. Ds. Louis Lemmer het die afskeidsdiens waargeneem en het die Monties se tema van die jaar *#imagine* so mooi ingeweef. Hy het die Monties herinner om vas te hou aan die droom wat God vir hulle lewens het en dat hulle moet hoop, glo en God moet vertrou vir hulle toekoms. Ouers en leerders het na afloop van die verrigtinge heerlike verversings geniet en is deur 'n vrolike graad 11 VLR-groep totsiens gesê soos hul die skoolterrein verlaat het. Een seisoen is byna afgesluit en 'n volgende seisoen wink op die horison – *"the circle of life"*. Mag Montie-wees altyd soet herinneringe wees wanneer jul dink aan jul hoërskooldae. Ons wens julle 'n wonderlike nuwe seisoen toe. Mag julle mooi lewensverhale skryf en groot suksesse behaal. Hou altyd aan GLO EN WERK!



PLANTLAND EN GROOTFM SÊ DIT MET 'N SPEKBOOM

Plantland en GrootFM het inisiatief aan die dag gelê om die matrieks op 'n anderste, oulike manier voorspoed toe te wens met hul eindeksamen. Die Monties se graad 12's het na Afrikaans Vraestel 1 elkeen 'n pragtige spekboom ontvang.





GRAAD 12 2023



PURE MONTANA



Hoërskool Montana
h/v Dr. Swanepoel- en Sesdeweg
Montana

Posbus 151
Montana 0151

Tel: 012 548 0160

Designed and printed by:

CALLYGRAFIX

Graphic Design • Corporate Identity • Printing • Branding

www.callygrafix.co.za
082 460 5819
adriette@callygrafix.co.za